NWU®

# NWU Verwysingsgids

# NWU
# VERWYSINGSGIDS

NWU Harvard

Verwysingstyl van die Fakulteit Regte

APA

Biblioteekdienste, Potchefstroomkampus

2012

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

# NWU Verwysingsgids

## NWU Harvard, Verwysingstyl van die Fakulteit Regte en APA

© 2012 Biblioteekdienste

Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Potchefstroom

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie.

Grafiese ontwerp deur Susan van Biljon (Graphikos)

Gedruk en gebind deur Platinum Press, Potchefstroom

ISBN 978-0-620-52201-4

# VOORWOORD

VOORWOORD

Die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit werk hard aan die uitbou van sy navorsingsprofiel. Die Biblioteek is daarin 'n ywerige medewerker

- deur die beskikbaarstelling van die hoogste gehalte inligtingsbronne en die ondersteuning van personeel en studente in die effektiefste gebruik daarvan, en
- deur die daarstel en lewering van hulpmiddels wat die navorsingsproses fasiliteer.

Een van laasgenoemde is hierdie verwysingsgids oor die gebruik van verskillende bibliografiese style wat 'n ingrypende hersiening is van ***Verwysings*** en ***Quoting Sources***, wat laas in 2006 hersien is. In hierdie nuwe gids het 'n paar sake veral aandag gekry:

- Die aanbieding is meer gebruikersvriendelik gemaak, nie net wat betref die tipografie nie, maar ook met die riglyne oor die verwysings na elektroniese bronne.
- Ons het aandag gegee aan hoe die Harvard-styl elders, en besonderlik by ander Suid-Afrikaanse universiteite gebruik word. Dis op grond hiervan dat die voorskrif oor die gebruik van hoofletters by die outeur verander is.
- Daar is ook kort uiteensettings oor die APA-styl (op grond van die American Psychological Association se ***Publication Manual*** se 6de uitgawe) en van 'n Styl vir Regte (in oorleg met die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus) opgeneem.

Omdat ons weet hoe belangrik hierdie riglyne vir personeel, maar veral vir studente in die verskillende fases van hulle studies is, is dit vir die Biblioteek 'n voorreg om hierdie publikasie in hulle hande te plaas. Veral Anneke Coetzee en Louise Vos van ons afdeling Inligtingsdienste verdien eer vir die harde werk wat hieraan gedoen is. Die finale besluite oor style en standaarde is 'n akademiese saak, maar ons is dankbaar om hierdie te kan bydra.

**Tom Larney**
Direkteur Biblioteekdienste

*11 November 2011*

# NWU VERWYSINGS GIDS


HARVARD 1

REGTE 37

APA 55

# HARVARD

HARVARD

INLEIDING 5

TEKSVERWYSINGS 6

BRONNELYS 12

VERWYSINGS NA SPESIFIEKE TIPES INLIGTINGSBRONNE 14

VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS 33

# INHOUDSOPGAWE

**HARVARD**HARVARD


1. INLEIDING
1.1 PLAGIAAT ..... 5
1.2 DOEL VAN AANHALINGS (IN TEKS) EN VERWYSINGS (BRONNELYS) ..... 5

2. TEKSVERWYSINGS
2.1 DIREKTE AANHALINGS ..... 6
2.2 INDIREKTE AANHALINGS / PARAFRASES ..... 7
2.3 SEKONDÊRE AANHALINGS ..... 7
2.4 TEKSVERWYSINGS NA MEER AS EEN BRON ..... 7
2.5 OUTEURS ..... 8
2.5.1 Een outeur ..... 8
2.5.2 Twee outeurs ..... 8
2.5.3 Meer as twee outeurs ..... 8
2.5.4 Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar ..... 9
2.5.5 Twee outeurs met dieselfde van ..... 10
2.5.6 Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie ..... 10
2.5.7 Instansie / organsisasie as outeur ..... 11

3. DIE BRONNELYS
3.1 ALGEMENE BEGINSELS ..... 12
3.2 ALFABETISERING IN DIE BRONNELYS ..... 13

4. VERWYSINGS NA SPESIFIEKE BRONNE IN DIE BRONNELYS
4.1 BOEKE ..... 14
4.1.1 Redakteur(s) ..... 14
4.1.2 Datum van publikasie ..... 14
4.1.3 Titel ..... 15
4.1.4 Uitgawe ..... 16
4.1.5 Plek van uitgewer ..... 16
4.1.6 Uitgewer ..... 17
4.1.7 Reekse ..... 17
4.2 HOOFSTUK IN 'N VERSAMELWERK ..... 17
4.2.1 Versamelwerke met verskillende datums ..... 18
4.3 ELEKTRONIESE BOEKE (E-BOEKE) ..... 18

4.3.1 E-boeklesers ("kindle") ... 18
4.4 ENSIKLOPEDIEË ... 19
4.4.1 Artikel met 'n outeur (ondertekende artikel) ... 19
4.4.2 Anonieme artikel ... 19
4.4.3 Elektroniese ensiklopedieë ... 19
4.5 WOORDEBOEKE ... 20
4.5.1 Elektroniese woordeboeke ... 20
4.6 PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE ... 21
4.7 KONFERENSIEPUBLIKASIES ... 21
4.7.1 Konferensiebydraes ... 22
4.8 STUDIEGIDSE ... 22
4.9 BYBEL EN ANDER RELIGIEUSE GESKRIFTE ... 22
4.9.1 Die Bybel ... 22
4.9.2 Die Koran ... 22
4.10 KLASSIEKE WERKE ... 22
4.11 VERTALINGS ... 23
4.12 TYDSKRIFARTIKELS ... 23
4.12.1 Tydskrifartikels sonder volume of nommer ... 23
4.12.2 Ongepubliseerde tydskrifartikels ("in press") ... 24
4.12.3 Elektroniese tydskrifartikels ... 24
4.12.4 Opsommings van tydskrifartikels ("abstracts") ... 25
4.13 KOERANTBERIGTE ... 25
4.13.1 Koerantberigte in hardekopie ... 25
4.13.2 Elektroniese koerantberigte ... 25
4.14 BOEKRESENSIES ... 26
4.15 STAATSPUBLIKASIES ... 26
4.15.1 Wette ... 26
4.15.2 Hofsake ... 27
4.15.3 Kommissies van ondersoek ... 27
4.15.4 Departemente ... 28
4.15.5 Staatskoerant ... 28
4.15.6 Provinsiale koerant ... 29
4.16 INTERNET- EN ANDER ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE ... 29
4.16.1 Internetartikels ... 29
4.16.2 Elektroniese nuusbriewe ... 30
4.17 PERSOONLIKE KOMMUNIKASIE (ONDERHOUDE, BRIEWE, E-POS) ... 30
4.18 PATENTE ... 30
4.19 STANDAARDE ... 31
4.20 OUDIOVISUELE- EN ANDER MEDIA ... 31
4.21 ONGEPUBLISEERDE WERKE ... 32

5. VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS ... 33

# INLEIDING 1

1.1– 1.2

## 1.1 Plagiaat

Plagiaat is die weergee van iemand anders se werk of idees sonder om aan daardie persoon erkenning te gee, en dit dan as jou eie voor te stel. Dit kom neer op akademiese of intellektuele diefstal. Wanneer jy dus ‘n sin in jou referaat of akademiese geskrif skryf sonder ‘n verwysing, of woorde sonder aanhalingstekens, beteken dit dat dit jou eie werk of oorspronklike idee is. Indien dit egter nie jou eie werk of oorspronklike idee is nie, pleeg jy plagiaat, wat ‘n ernstige oortreding in akademiese kringe is.

Deur noukeurige in-teks verwysings, en volledige verwysings in die bronnelys, word plagiaat verhoed.

Akademiese verslagskrywing vereis dus dat alle bronne wat geraadpleeg is in die teks vermeld moet word, asook om volledige besonderhede daarvan in ‘n bronnelys te gee.

## 1.2 Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys)

- Dit verleen erkenning aan die oorspronklike skrywer van wie standpunte of feite oorgeneem is.
- Die skrywer lewer bewys waar hy sy inligting vandaan gekry het.
- Die verwysings na bronne staaf die volledigheid van die ondersoek.
- Verwysings na gesaghebbende bronne verleen gesag aan die skrywer se standpunte of idees.
- Verwysings verstrek bewyse aan die leser van die herkoms van die skrywer se sienings.
- ‘n Bronnelys verskaf inligting aan die leser om op sy beurt die bronne te raadpleeg as hy wil verifieer of die bronne korrek aangehaal / geïnterpreteer is.
- Die bronnelys dien as addisionele bronnelys oor die onderwerp indien die leser meer bronne oor die onderwerp wil raadpleeg.

# TEKSVERWYSINGS 2

2.1– 2.5

‘n Teksverwysing bestaan uit outeur, datum en bladsynommer(s) vanwaar die inligting bekom is. ‘n Ooreenstemmende verwysing moet dan volledig in die bronnelys verskyn. ‘n Teksverwysing kan basies op twee maniere gedoen word, nl.:

As deel van die sin:

> Salatin (2009:195) beweer die mees onnatuurlike kenmerk in die voedselindustrie is die konsep dat alle voedselitems te alle tye oral beskikbaar sal wees.

Aan die einde van die sin:

> *Teks*:
>
> Die mees onnatuurlike verskynsel in die voedselindustrie, is die konsep dat alle voedselitems te alle tye oral beskikbaar sal wees (Salatin, 2009:195).
>
> *Bronnelys:*
>
> Salatin, J. 2009. Declare your independence. (*In* Weber, K., *ed*. Food, Inc.: how industrial food is making us sicker, fatter, and poorer – and what you can do about it. New York, NY: Public Affairs. p. 183-196).

## 2.1 Direkte aanhalings

Gebruik direkte aanhalings funksioneel. Moenie direkte aanhalings gebruik bloot om vertalingsprobleme te vermy nie.

Indien die aanhaling deel uitmaak van ‘n omvattende argument, vorm die punktuasie deel van daardie argument en word dus buite die hakie of aanhalingsteken geplaas.

> Visser (1983:12) betoog dat “there must be a conclusion for all sentences”.
>
> Hulle maak die opmerking dat “few such cases exist” (De Beer, 1986:3).

Wanneer ‘n sin tussen hakies of in aanhalingstekens met ‘n hoofletter begin, is dit ‘n aanduiding dat die betrokke sin selfstandig gebruik word en dus ‘n punt binne die hakie of aanhalingsteken moet kry.

> “It was anciently believed that a baby born with teeth already formed would ‘bite the world’ and was made for villainy.” (Smith, 1977:70).
>
> Visser (1983:12) beweer: “There must be a conclusion for all sentences.”

## 2.2 Indirekte aanhalings / parafrases

Wanneer jy 'n outeur se gedagtes in jou eie woorde weergee moet jy sorg dat die gees en argumentasie van die oorspronklike behoue bly. Moenie die oorspronklike konteks verdraai vir jou eie doeleindes nie. Varieer ook die styl van aanhaling.

By vergelyking van Jones (1986:15) se standpunt met dié van Smith (1994:147), blyk dit dat …

Hierdie argument word gesteun deur Cogan (1989:156).

Volgens King (1995:21) is dit …

Mayer (1990:10) beweer dat …

Wanneer 'n instansie die outeur is, gee verkieslik die verwysing aan die einde van die sin.

Suid-Afrika se werkloosheidsyfer in 2010 was 24% (StatsSA, 2010).

## 2.3 Sekondêre aanhalings

'n Sekondêre bron is byvoorbeeld wanneer 'n outeur oor Freud se siening van psigoanalise wil skryf, en hy nie Freud se eie werke lees nie, maar hy gebruik die werk van ander outeurs soos Smith, Jones of White wat daaroor geskryf het. Daar word dan sekondêr na Freud verwys. Dit is moontlik dat Smith, Jones of White Freud se siening heeltemal verkeerd geïnterpreteer het, en dan gaan jy as student heeltemal onwetenskaplik en oneties te werk. Probeer dus om sekondêre aanhalings tot die minimum te beperk, aangesien dit "tweedehandse" inligting is.

Indien dit noodsaaklik is om sekondêre inligting te gebruik weens die onbeskikbaarheid van die primêre bron, of omdat die primêre bron dalk in 'n vreemde taal is, kan dit soos volg in die teks aangehaal word:

*Teks*:

Volgens Freud (soos aangehaal deur Williams, 1996:10), is drome …

*Bronnelys*:

Williams, L. 1996. Freud's theories about dreams. London: Batsford.

Slegs dit wat jy in jou hand gehad het word in die bronnelys weergegee, in hierdie geval Williams.

## 2.4 Teksverwysings na meer as een bron

Wanneer na meer as een bron verwys word om 'n stelling te maak, rangskik die verwysings alfabeties volgens eerste outeur, in dieselfde volgorde soos wat dit in die bronnelys sal verskyn. Gebruik 'n kommapunt na elke verwysing.

'n Resessie word verwag (Crade, 1995:89; Leeds & Smith, 1996:8; Vance, 1994:6).

## 2.5 Outeurs

'n Outeur is die persoon of instansie wat verantwoordelik is vir die intellektuele inhoud van die artikel of boek. 'n Organisasie of instansie kan ook 'n outeur wees, soos byvoorbeeld in die geval van 'n universiteit se jaarboek, of 'n staatsdepartement se verslag.

### 2.5.1 Een outeur

In die teks, gee slegs die outeur se van, datum van publikasie en bladsynommer.

*Teks*:

Suid-Afrikaners voel dat hul afgesny is van hul verlede, en dat hul identiteit dié is van fragmentasie en substitusie (Duvenhage, 2009:23).

*Bronnelys*:

Duvenhage, P. 2009. The ambivalent face of globalization. *Discourse: unforeseen consequences of globalization*, 37(1):18-23.

### 2.5.2 Twee outeurs

*Teks*:

Gardner en Shelton (1967:40) verwys na die probleem van kommunikasie met verlamde pasiënte wat ook aan spraakverlies ly …

*Teks*:

Alle prosedures moet aan die pasiënt verduidelik word (Gardner & Shelton, 1967:74).

Let op die verskil tussen die twee voorbeelde in die teks: wanneer die verwysing as deel van die sin gebruik word, word **en** gebruik, maar wanneer die verwysing binne die hakies geskryf word, word **&** gebruik.

*Bronnelys*:

Gardner, E.K. & Shelton, B. 1967. The intensive therapy unit and the nurse. London: Faber and Faber.

### 2.5.3 Meer as twee outeurs

Wanneer jou bron drie of meer outeurs het, noem in die teks die eerste outeur gevolg deur die afkorting *et al*. in kursief (let op dat daar 'n punt na *et al.* moet wees aangesien dit 'n afkorting vir *et alii* is), gevolg deur datum en bladsynommer. Noem al die outeurs of medewerkers in die bronnelys.

*Teks*:

Volgens Meyer *et al*. (1973:74) is fotosintese …

*Bronnelys*:

Meyer, B.S., Anderson, D.P., Bohning, R.H. & Fratanna, D.G.  1973.  Introduction to plant physiology.  New York: Van Nostrand.

**Uitsondering:** Indien twee afsonderlike bronne met dieselfde eerste outeur en dieselfde datum gebruik word, en dit verkort na dieselfde vorm, gee by elk die tweede of soveel daaropvolgende outeurs soos nodig gevolg deur *et al*. om die twee verwysings van mekaar te onderskei.

Bruning, McGrew & Cooper, 2006, sowel as Bruning, DeMiglio & Embry, 2006, gaan beide in teks afkort na Bruning *et al*., 2006.  Gebruik dus as volg in teks:

(Bruning, McGrew *et al*., 2006:126) en (Bruning, DeMiglio *et al*., 2006:35)

*Bronnelys*:

Bruning, S.D., DeMiglio, P.A. & Embry, K.  2006.  Mutual benefits as outcome indicator: factors influencing perception of benefit in organization-public relationships.  *Public relations review*, 32(1):33-40.

Bruning, S.D., McGrew, S. & Cooper, M.  2006.  Town-gown relationships: exploring university-community engagement from the perspective of community members.  *Public relations review*, 32(2):125-130.

### 2.5.4 Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar

Wanneer jy gebruik maak van meer as een publikasie deur dieselfde outeur(s) wat in dieselfde jaar uitgegee is, onderskei hulle deur ‘n a, b of c na die datum in die teks te sit, asook in die bronnelys.

*Teks*:

Vanuit ‘n logistieke perspektief, dien verpakking ‘n dubbeldoelige rol … (Pienaar, 2010a:230).

*Teks*:

As gevolg van hulle vaste deurgangsreg, is toegang tot pyplyne beperk (Pienaar, 2010b:109).

*Bronnelys*:

Pienaar, W.J.  2010a.  Logistics aspects of petroleum pipeline operations.  *Journal of transport and supply chain management*, 4(1):224-242.

Pienaar, W.J.  2010b.  Efficiency and effectiveness aspects of petroleum pipeline operations: pipes, pumps and valves.  *IMIESA*, 35(10):105-106, 109, 111.

### 2.5.5 Twee outeurs met dieselfde van

Wanneer daar verwys word na twee outeurs met dieselfde van wat in dieselfde jaar gepubliseer het, moet die voorletters in die teks gebruik word om tussen die twee te onderskei.

*Teks*:

Die basis van 'n multi-rassige en multi-kulturele demokrasie, is in Mauritius, net soos in Suid-Afrika, die bevordering en beskerming van basiese menseregte (Van der Walt, G., 2010:716).

Die vraag of Suid-Afrika se grondwet oorleef as 'n belofte van inklusiewe post-apartheid konstitusionalisme, of 'n vroeë dood sterf, lê in die hande van twee retroaktiewe diskoerse (Van der Walt, J., 2010:103).

*Bronnelys*:

Van der Walt, G. 2010. The United Nations convention on the rights of the child – has the bridge been crossed between theory and practice: Mauritius and South Africa?: notes. *Obiter*, 31(3):715-724.

Van der Walt, J. 2010. Vertical sovereignty, horizontal constitutionalism, subterranean capitalism: a case of competing retroactivities. *South African journal on human rights*, 26(1):102-129.

### 2.5.6 Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie

Anonieme inligting is nie baie wetenskaplik nie, en moet spaarsamig gebruik word. Dit is gewoonlik inligting wat op die internet gekry word, of sommige koerantartikels waarvoor 'n outeur nie bekend is nie. Dikwels is 'n organisasie of instansie betrokke, en moet dit as outeur gebruik word.

Indien geen outeur geïdentifiseer kan word nie, word die afkorting Anon. (anoniem) gebruik.

*Teks*:

Several innovative musical developments took place at the turn of the sixteenth and seventeenth centuries (Anon., 2009).

*Bronnelys*:

Anon. 2009. Chamber music. http://www.classicol.com/classical.cfm?music=instrumentInfo&section=ChamberMusic&title=About%20Chamber%20Music Date of access: 29 Sep. 2010.

### 2.5.7 Instansie / organisasie as outeur

‘n Instansie of organisasie kan ook ‘n outeur wees. Die instansie se afkorting / akroniem kan in die teks gebruik word. Die inskrywing in die bronnelys begin met die afkorting / akroniem, gevolg deur die volledige naam van die instansie in hakies.

*Teks*:

Die universiteit benadruk die feit dat skending van outeursreg oneties en oneerlik is, en geheel en al teenstrydig is met die universiteit se etos as waardegedrewe instelling (NWU, 2010:20).

*Bronnelys*:

NWU (Noordwes-Universiteit). 2010. Handleiding vir nagraadse studie. http://www/nwu.ac.za/sites/default/files/library/documents/naulapsotgrad_a.pdf Datum van gebruik: 10 Okt. 2011.

# DIE BRONNELYS 3

3.1– 3.2

## 3.1 Algemene beginsels

- Alle bronne waarna in die teks verwys word, moet in een alfabetiese lys (alfabeties volgens eerste outeur) in die bronnelys ingesluit word.
- Gebruik die term “bronnelys” as opskrif, aangesien “bibliografie” verwys na ‘n omvattende lys van bronne oor ‘n spesifieke onderwerp, en sluit dus meer bronne in as dit wat in die teks gebruik is.
- Volledige bibliografiese gegewens ten opsigte van elke bron is noodsaaklik sodat die bron maklik opgespoor kan word.
- Die taal van die bron word in die bronnelys gebruik, en nie die taal van die geskrif (referaat of tesis) nie.
- Begin die bronnelys op ‘n nuwe bladsy.
- Moenie die inskrywings in die bronnelys nommer of met “bullets” merk nie.
- Gebruik 1.5 spasiëring en laat ‘n reël oop tussen elke inskrywing, of gebruik paragraafspasiëring van 18 pt na elke paragraaf.
- Die bronnelys moet links gelyn (“left align”) wees. Moenie dit blok (“justify”) nie, anders veroorsaak dit onooglike spasies, veral wanneer internetadresse ingetik word.
- Gebruik 2 spasies na elke element van die inskrywing. Vergelyk die volgende twee voorbeelde waar ** twee spasies verteenwoordig.

Boek:

Bester, H.**2006.**How to cope with AD/HD: a South African guide for parents, teachers & therapists.**Cape Town: Human & Rousseau.

Tydskrif:

Malan, C.W.**1998.**Development communication as part of culture.***Communicare*, 17(1):49-78.

- Elke inskrywing moet met ‘n punt eindig.
- Geen punt na ‘n URL (internetadres) nie. Die URL moenie ‘n hiperskakel wees nie.

- Maak nodige kruisverwysings in die bronnelys om die leser te lei vanaf die bron waarna in die teks verwys word na die korrekte inskrywing in die bronnelys (die teks en bronnelys moet korreleer). Vergelyk voorbeeldbronnelys in hierdie gids.

## 3.2 Alfabetisering in die bronnelys

Rangskik die inskrywings in die bronnelys alfabeties volgens eerste outeur.

Onthou die beginsel "niks kom voor iets". 'n Van soos Le Roux, sal voor Leaky gerangskik word.

Rangskik bronne deur dieselfde outeur soos volg:

- Chronologies van oud na nuut
- Eers werke deur een outeur
- Dan werke waarby mede-outeur(s) betrokke is

Vergelyk voorbeeldbronnelys by outeur Deci, E.L. in hierdie gids.

Rangskik werke deur verskillende outeurs met dieselfde van alfabeties volgens eerste voorletter.

Vanne wat met "Mc" of "Mac" begin word alfabeties volgens woord rangskik.

Mac Lean, W.

Mc Donald, B.

McArthur, K.

# VERWYSING NA SPESIFIEKE BRONNE IN DIE BRONNELYS 4

4.1– 4.21

## 4.1 Boeke

| Outeur | Datum | Titel | Uitgawe | Dorp / stad van uitgewer: Uitgewer |
|---|---|---|---|---|
| Koller, J.M. | 2007. | Asian philosophies. | 5th ed. | Upper Saddle River, NJ: Pearson Prentice Hall. |

### 4.1.1 Redakteur(s)

Wanneer ‘n boek ‘n redakteur(s) het, gee die afkorting na die van en voorletters in die taal van die bron in kursief, bv. *ed*. / *eds*. – editor(s); *red*. / *reds*. – redakteur(s); *Hrsg*. – Herausgeber.

Glatzeder, B.M., Goel, V. & Von Müller, A., *eds*. 2010. Towards a theory of thinking: building blocks for a conceptual framework. Heidelberg: Springer.

**Letterkundige werke** wat die teks, sowel as bykomende aantekeninge van die werk bevat, kan soos volg in die bronnelys weergegee word:

Shakespeare, W. 1940. The tragedy of Romeo and Juliet, edited by E. Dowden. London: Methuen.

In die teks kan verwys word na (Shakespeare, verklaar deur Dowden, 1940).

### 4.1.2 Datum van publikasie

Slegs die jongste datum moet gegee word. Indien jy geen datum kan vind nie, kan ‘n waarskynlike datum verskaf word:

| 1982 of 1983 | Wanneer dit een van hierdie twee datums is |
|---|---|
| 1993? | Wanneer jy ‘n sterk vermoede het dat dit hierdie datum is, maar verskyn nie pertinent so in die bron nie |
| s.a. | (sine anno - sonder jaartal) Wanneer die datum absoluut onbekend is - gebruik in hoogs uitsonderlike gevalle |

Behalwe vir letterkundige en klassieke werke is dit nie nodig om herdrukke te noem nie, aangesien daar met herdrukke nie aan die inhoud van die teks verander is nie.  Gee die oorspronklike datum.

Vir letterkundige werke kan dit soms handig wees om 'n herdruk te noem.

Dickens, C.  1903 printing.  The adventures of Oliver Twist.  London: Richards.

In die teks kan verwys word na (Dickens, 1903).

Datums met Romeinse syfers moet omgeskakel word na Arabiese syfers:

Hier is 'n handige tabel vir hulp met omskakeling:

| Simbool | Waarde |
|---|---|
| I | 1 |
| V | 5 |
| X | 10 |
| L | 50 |
| C | 100 |
| D | 500 |
| M | 1000 |

Wanneer simbole met kleiner waardes vóór die met groter waardes staan, word dit van die groter waarde afgetrek, en wanneer simbole met kleiner waardes ná die met groter waardes staan, word dit by die groter waarde getel.  MMIX is dus 2009, en MMXI is 2011.

### 4.1.3 Titel

Gee die volledige titel soos dit op die titelbladsy van die publikasie verskyn.  Hoofletters word gebruik volgens die betrokke taal se taalreëls.  'n Subtitel word voorafgegaan deur 'n dubbelpunt, en begin met 'n kleinletter.

Pillay, S.S.  2011.  Your brain and business: the neuroscience of great leaders.  Upper Saddle River, NJ: FT Press.

### 4.1.4 Uitgawe

Die eerste uitgawe word nie vermeld nie.  Gebruik afkortings soos volg:

| **Engels** | **2nd ed. / 3rd ed. / 4th ed.** |
|---|---|
| Afrikaans | 2de uitg. / 8ste uitg. |
| **Duits** | **2. Aufl.** |
| Nederlands | 3de dr. |

Creswell, J.W.  2012.  Educational research: planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research.  4th ed.  Boston: Pearson.

### 4.1.5 Plek van uitgewer

Noem die dorp of stad waar die publikasie uitgegee is, nie die land of staat nie.  Indien daar meer as een plek op die publikasie genoem word, gee die een wat eerste genoem word in die taal van die bron soos dit op die titelbladsy van die publikasie verskyn.   Indien geen plek genoem word nie, word die afkorting s.l. (sine loco - sonder plek) gebruik.

Opsioneel: Die naam van 'n staat in die VSA kan gegee word nadat die stad vermeld is. Wees konsekwent regdeur jou bronnelys, m.a.w. indien jy state se afkortings noem, moet jy dit regdeur jou bronnelys noem, en indien jy dit nie noem nie, moet jy dit regdeur jou bronnelys nie noem nie. Gebruik die volgende tabel van afkortings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Alabama | Ala./AL | Montana | Mont./MT |
| Alaska | Ak./AK | Nebraska | Nebr./NE |
| Arizona | Ariz./AZ | Nevada | Nev./NV |
| Arkansas | Ark./AR | New Hampshire | N.H./NH |
| California | Calif./CA | New Jersey | N.J./NJ |
| Colorado | Colo./CO | New Mexico | N.Mex./NM |
| Connecticut | Conn./CT | New York | N.Y./NY |
| Delaware | Del./DE | North Carolina | N.C./NC |
| Distr. of Columbia | D.C./DC | North Dakota | N.D./ND |
| Florida | Fla./FL | Ohio | Oh./OH |
| Georgia | Ga./GA | Oklahoma | Okla./OK |
| Hawaii | Hi./HI | Oregon | Oreg./OR |
| Idaho | Id./ID | Pennsylvania | Pa./PA |
| Illinois | Ill./IL | Rhode Island | R.I./RI |
| Indiana | Ind./IN | South Carolina | S.C./SC |
| Iowa | Ia./IA | South Dakota | S.D./SD |
| Kansas | Kans./KS | Tennessee | Tenn./TN |
| Kentucky | Ky./KY | Texas | Tex./TX |
| Louisiana | La./LA | Utah | Ut./UT |
| Maine | Me./ME | Vermont | Vt./VT |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maryland | Md./MD | Virginia | Va./VA |
| Massachusetts | Mass./MA | Washington | Wash./WA |
| Michigan | Mich./MI | West Virginia | W.Va./WV |
| Minnesota | Minn./MN | Wisconsin | Wis./WI |
| Mississippi | Miss./MS | Wyoming | Wyo./WY |
| Missouri | Mo./MO | | |

### 4.1.6 Uitgewer

Indien meer as een uitgewer op die publikasie verskyn, gebruik die een wat eerste genoem word.

Indien geen uitgewer in die bron gegee word nie, word die afkorting s.n. (sine nomine = sonder uitgewer) gebruik.

As die outeur en uitgewer dieselfde persoon of instelling is, word die naam van die uitgewer weggelaat, en slegs die dorp of stad word vermeld.

Vermeld die uitgewer op die kortste moontlike manier. Woorde soos "Inc.," "Publishing", "Co." en "Sons", wat onnodig is vir identifikasie van die uitgewer, word weggelaat.

Harrison, J.S. 2003. Strategic management of resources and relationships: concepts and cases. New York, NY: Wiley.

American Psychiatric Association. 1994. Diagnostic and statistical manual of mental disorders: DSM-IV. 4th ed. Washington, DC.

Outeur is dieselfde as uitgewer, dus word dit nie weer genoem nie

### 4.1.7 Reekse

Indien die boek deel is van 'n reeks, word die reeks en die nommer aan die einde van die verwysing tussen hakies gegee.

Farmer, P. 2010. Partner to the poor: a Paul Farmer reader. Berkeley: University of California Press. (California series in public anthropology, 23).

## 4.2 Hoofstuk in 'n versamelwerk

'n Versamelwerk is 'n boek waarvan die hoofstukke elk deur 'n ander outeur(s) geskryf is, en saamgestel word deur 'n redakteur(s) ("editor(s)").

Wanneer 'n hoofstuk in 'n versamelwerk aangehaal word, moet die outeur van die hoofstuk as die outeur van die aangehaalde bron gegee word. Die besonderhede van die boek (versamelwerk) word in hakies gegee, asook die bladsye van die hoofstuk.

**Outeurs van hoofstuk** | **Datum** | **Titel van hoofstuk** | **Kursief** | **Redakteur van boek** | **Kursief**

Baumard, P. & Ibert, J. 2007. What approach with which data. (*In* Tiethart, R.A., *ed*. Doing management research: a comprehensive guide. London: Sage. p. 68-84).

**Titel van boek** | **Plek van uitgewer: Uitgewer** | **Bladsynommers van hoofstuk**

### 4.2.1 Versamelwerke met verskillende datums

Dit gebeur soms dat ‘n bundel uitgegee word met bydraes van outeurs waarvan die datums verskil. In die teks word dan verwys na die outeur en die oorspronklike datum van die bydrae, en in die bronnelys word ook die datum van die bundel weergegee.

*Teks*:

Jakobson (1959:139) verduidelik dat sinonieme, as ‘n reël, nie volkome ekwivalente is nie.

*Bronnelys*:

Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. (*In* Venuti, L., *ed*. 2004. The translation studies reader. 2nd ed. New York, NY: Routledge. p. 138-143).

## 4.3 Elektroniese boeke (e-boeke)

Indien ‘n e-boek die PDF-weergawe van die gedrukte boek is, en die bladsynommers is presies dieselfde as die gedrukte weergawe, gee die bibliografiese inligting weer soos vir die gedrukte boek. Dit is dus nie nodig om aan te dui op watter databasis dit gekry is nie.

Boeke wat op die internet gekry is, en nie bladsynommers het soos die gedrukte weergawe nie, word soos volg weergegee in die bronnelys:

**Outeur** | **Datum** | **Titel** | **Plek van uitgewer: Uitgewer (indien beskikbaar)**

Harris, C.A. 1917. How to write music: musical orthography, edited by M. Randall. New York, NY: H.W. Gray. http://www.gutenberg.org/files/37281/37281-h/37281-h.htm Date of access: 31 Aug. 2011.

**Volledige internetadres** | **Datum waarop inligting verkry is**

### 4.3.1 E-boeklesers (“kindle”)

Elektroniese boeke wat afgelaai word op e-boeklesers soos die “kindle”, het nie bladsynommers nie, maar pleknommers. In die teksverwysing, gebruik paragraafnommers of hoofstuk- en afdelingnommers.

*Teks:*

Daar is 'n goudmyn binne elke persoon, vanwaar hy alles kan ontgin wat nodig is om 'n gelukkige en vervullende lewe te lei (Loots, 2011:par. 1).

*Bronnelys:*

Loots, F.  2011.  Die Jakkalsdans [Kindle uitg.].  Beskikbaar: http://www.amazon.com

## 4.4 Ensiklopedieë

### 4.4.1 Artikel met 'n outeur (ondertekende artikel)

Sommige ensiklopedieë vertoon slegs die outeur se voorletters.  Gewoonlik kan 'n lys van medewerkers (outeurs) in die eerste of laaste gedeelte van die stel gevind word.

Voeg vir die Encylopaedia Britannica die seksie in hakies by, byvoorbeeld (*In*  The new encyclopaedia Britannica (Macropaedia), 8:853-857).

*Teks*:

Hiërogliewe is soortgelyk aan kunsvorme (Brunner, 1984:853).

*Bronnelys*:

Brunner, H.  1984.  Hieroglyphic writing.  (*In*  World book encyclopedia, 3:213-215).

### 4.4.2 Anonieme artikel

Stel eers vas of die outeur aan die begin of einde van die artikel genoem word.  As daar geen aanduiding van 'n outeur is nie, kan Anon. (outeur onbekend) gebruik word.

*Teks*:

Die grootste stalagmiet in die Sudwala-grot … (Anon., 1974:341).

*Bronnelys*:

Anon.  1974.  Sudwala caves.  (*In*  Standard encyclopaedia of Southern Africa, 10:340-341).

### 4.4.3 Elektroniese ensiklopedieë

Artikel met outeur:

Lever-Tracy, C.  2008.  Global warming.  (*In*  Encyclopedia of the social sciences.  http://www.encyclopedia.com/topic/global_warming.aspx  Date of access: 31 Aug. 2011).

Wikipedia:

Wikipedia. 2011. Geographic information system. http://en.wikipedia.org/wiki/GIS Date of access: 31 Aug. 2011.

**Let wel:** Wikipedia is nie 'n wetenskaplike bron van inligting nie.

## 4.5 Woordeboeke

Wanneer 'n woordeboek geraadpleeg is om onverstaanbare woorde te verklaar, of om woorde te vertaal, word dit nie in die bronnelys opgeneem nie. As woordomskrywings of definisies aangehaal word, moet die woordeboek aangedui word. Dit geld ook waar teenstrydige verduidelikings van terme betrokke is.

Gebruik die woordeboek se titel in die teksverwysing, en begin die inskrywing in die bronnelys met die titel van die woordeboek.

*Teks*:

Motoriese leer is die proses waardeur motoriese vaardighede en bewegings aangeleer en bemeester word deur eenvoudige handelinge of komplekse opeenvolging van bewegings (APA dictionary of psychology, 2007:596).

*Bronnelys*:

APA dictionary of psychology. 2007. Washington, DC: American Psychological Association.

*Teks*:

Die HAT (2005:314) definieer globalisering as die "wêreldwye integrasie a.g.v. gesofistikeerde kommunikasie en die samewerking op die terrein van veral wêreldhandel en die finansiële markte".

Let op punktuasie: punt staan buite aanhalingstekens

*Bronnelys*:

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

### 4.5.1 Elektroniese woordeboeke

Merriam-Webster's medical dictionary. 2007. Antibiotics. http://dictionary.reference.com/browse/antibiotics Date of access: 31 Aug. 2011.

## 4.6 Proefskrifte en verhandelinge

Gebruik erkende afkortings vir universiteite en graadaanduidings, punte is opsioneel volgens die Afrikaanse woordelys en spelreëls van 2009. Die tendens is om nie punte te gebruik nie. Volgens die NWU handleiding vir nagraadse studie word die volgende terme gebruik:

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| Skripsie | Mini-dissertation |
| Verhandeling | Dissertation |
| Proefskrif | Thesis |

Vir buitelandse proefskrifte en verhandelinge word die bewoording gebruik soos op die titelblad.

**Outeur** **Datum** **Titel**

Sekatane, M.B. 2006. An analysis and application of different methodologies for measuring poverty in Sharpeville. Vanderbijlpark: NWU. (Thesis – PhD).

**Plek van universiteit: Universiteit / Instansie** **Kwalifikasie**

Acott, H. 2006. The professional services business sector's response to the HIV/AIDS epidemic. Pretoria: UP (Dissertation – MBA).

Roberts, T.L. 2010. Soil-based tests for nitrogen fertilizer recommendations in Arkansas rice production. Fayetteville, AR: University of Arkansas. (Dissertation – PhD).

## 4.7 Konferensiepublikasies

Verwys na konferensiebydraes wat in 'n bundel gepubliseer is op dieselfde wyse as 'n hoofstuk in 'n versamelwerk.

*Teks*:

Present-day physics is indeterministic (Putman, 1979:128).

*Bronnelys*:

Putman, H.W. 1979. The place of facts in a world of values. (*In* Huff, D. & Prewett, O., *eds*. The nature of the physical universe: 1976 Nobel Conference organized by Gustavus College, St. Peter, Minnesota. New York, NY: Wiley. p. 113-140).

### 4.7.1 Konferensiebydraes wat nie formeel gepubliseer is nie

Brinson, K.H., Jr. & Miller, J. 1995. Invitational theory and total quality management: implications for professional practice and educational reform. Paper presented at the Annual Meeting of the Northeastern Educational Research Association, Ellenville, NY, 25 October. http://www.eric.ed.gov/PDFS/ED393204.pdf Date of access: 1 Nov. 2008.

Gee internetadres indien beskikbaar

## 4.8 Studiegidse

Potgieter, J.C., Van Eeden, C. & Wissing, M.P. 2011. Toegepaste positiewe sielkunde: bevordering van bio-psigososiale gesondheid en welsyn. Potchefstroom: NWU, Vaaldriehoekkampus. (Studiegids PSYC 673 PAC).

## 4.9 Bybel en ander religieuse geskrifte

### 4.9.1 Die Bybel

Wanneer dit noodsaaklik geag word om die Bybel in die bronnelys op te neem (byvoorbeeld waar die verskillende vertalings vergelyk word) kan dit soos volg gedoen word. Gebruik die bewoording soos dit op die titelbladsy voorkom.

*Teks*:

Die woorde in Psalm 23:6 "Net goedheid en guns sal my volg" (Bybel, 1933) word in die nuwer Afrikaanse vertaling (Bybel, 1983) vervang met: "U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly."

*Bronnelys*:

Bybel. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

### 4.9.2 Die Koran

Koran. 1967? Holy Quran: text, translation and commentary by Abdullah Yusuf Ali. Durban: Sartaj.

## 4.10 Klassieke werke

Calvin, J. 1952-1967. Opera selecta, ediderunt P. Barth, G. Niesen. 4 vols. München: Kaiser.

Cicero, M.T. 1875. The academic questions, Treatise De finibus, and Tusculan disputations of M.T. Cicero. Literally translated by C.D. Yonge. London: Bell. (Bohn's classical library).

## 4.11 Vertalings

Hitler, A. 1961. Mein Kampf. Uit Duits vertaal deur John Ayles. London: McGraw-Hill.

## 4.12 Tydskrifartikels

Al die outeurs van 'n tydskrifartikel moet in die bronnelys genoem word.

Die titel van die tydskrif moet in kursief, volledig uitgeskryf word – moenie tydskrifafkortings gebruik nie. Slegs die eerste letter van die eerste woord, eiename, en Duitse selfstandige naamwoorde van die tydskriftitel word met hoofletters getik.

Gebruik Arabiese syfers vir die volume en nommer van tydskrif. As daar 'n volume- en / of nommer is, **moet** dit verstrek word. Kontroleer in toepaslike databasisse vir die nodige inligting.

**Outeurs** | **Datum** | **Titel van artikel**

Allan, J. & Clarke, K. 2007. Nurturing supportive learning environments in higher education through the teaching of study skills: to embed or not to embed? *International journal of teaching and learning in higher education*, 19(1):64-76.

**Volume(nommer):bladsynommers van artikel** | **Titel van tydskrif in kursief**

**Gebruik &-teken voor laaste outeur genoem word**

Anda, M., Shamshuddin, J., Fauziah, C.I. & Syed Omar, S.R. 2010. Increasing the organic matter content of an oxisol using rice husk compost: changes in decomposition and its chemistry. *Soil Science Society of America journal*, 74(4):1167-1180.

**Hoofletters want dit is die instansie se naam**

### 4.12.1 Tydskrifartikels sonder volume of nommer.

Dit kom selde voor, maar indien wel, lyk die verwysing soos volg:

Glatt, M.M. 1980. Recent books on the abuse of alcohol and alcoholism. *British book news*:133-137.

**LW: nie 'n komma na die tydskriftitel nie, maar 'n dubbelpunt, wat daarop dui dat bladsynommers volg**

### 4.12.2 Ongepubliseerde tydskrifartikels ("in press")

Tydskrifartikels wat reeds deur 'n tydskrif aanvaar is, maar nog nie formeel gepubliseer is in 'n spesifieke uitgawe nie, word soos volg in die bronnelys ingeskryf:

**Waarskynlike datum**

Gupta, V. & Dharmaraja, S. 2011? Semi-Markov modeling of dependability of VoIP network in the presence of resource degradation and security attacks. *Reliability engineering & system safety* (In press).

**In die plek van volume, no. en bladsye**

De Klerk, B.J., De Wet, F.J. & Pieterse, H.J.C. 2012? Die noodsaak daarvan om metateoretiese vertrekpunte in prakties-teologiese wetenskapsbeskouing en –beoefening te verreken. *In die Skriflig*, (Ter perse).

**Let wel:** Voor jy jou werkstuk formeel inhandig, kontroleer weer of sodanige manuskripte nie intussen formeel gepubliseer is nie, en gee dan volledige verwysing.

### 4.12.3 Elektroniese tydskrifartikels

Indien 'n tydskrifartikel in PDF-formaat is, en die bladsynommers is dieselfde as die gedrukte ekwivalent, word dit soos 'n gedrukte artikel weergegee in die bronnelys. Dit is dus nie nodig om aan te dui op watter databasis dit gekry is nie.

Tydskrifartikel(s) wat op die internet gekry is in HTML-formaat, en dus geen bladsynommers het nie:

*Teks*:

**Geen bladsynommer**

Volgens Bordonaro (2008) is kwessies rondom plagiaat vir baie internasionale studente 'n potensiële bron van groot verwarring.

*Bronnelys*:

Bordonaro, K. 2008. Exploring the connections between information literacy and writing for international students. *Journal of information literacy*, 2(2). http://jil.lboro.ac.uk/ojs/index.php/JIL/article/view/RA-V2-I2-2008-1/165 Date of access: 5 Sep. 2011.

### 4.12.4 Opsommings van tydskrifartikels ("abstracts")

Dit gebeur soms dat 'n tydskrifartikel in 'n vreemde taal is, maar wel 'n Engelse opsomming bevat, of die volle artikel kon nie bekom word nie, en slegs die opsomming is beskikbaar. Dit is aanvaarbaar om hierdie inligting te gebruik, maar dan moet die indruk nie geskep word dat die oorspronklike bron geraadpleeg is nie. Dit kan soos volg in die bronnelys aangedui word:

Pasek, J., Opara, J., Pasek, T., Kwiatek, S. & Sierón, A. 2010. The contemporary look on physiotherapy in Parkinson's disease – some chosen questions. *Aktualnosci neurologiczne*, 10(2):94-99. (Abstract).

## 4.13 Koerantberigte

### 4.13.1 Koerantberigte in hardekopie

**Outeur** | **Datum** | **Titel van koerantberig** | **Titel van koerant (kursief)** | **Bladsynommer van berig**

Kock, L. 2010. Nuwe voedseletikette kan ook misleidend wees. *Rapport*: 18, 8 Aug.

**Dag en maand van koerant**

### 4.13.2 Elektroniese koerantberigte

Indien 'n koerantberig in PDF-formaat is, en die bladsynommers is dieselfde as die gedrukte ekwivalent, word dit soos 'n gedrukte koerantberig weergegee in die bronnelys. Dit is dus nie nodig om aan te dui op watter databasis dit gekry is nie.

Koerantberigte in HTML-formaat lyk soos volg in die bronnelys:

**Outeur** | **Datum** | **Titel van koerantberig** | **Titel van koerant (kursief)** | **Dag en maand van koerant**

Hans, B. 2011. Cosatu slams Swazi loan. *The Mercury*, 15 Aug.
http://www.iol.co.za/mercury/cosatu-slams-swazi-loan-1.1117816 Date of access: 1 Sep. 2012.

**Volledige internetadres van artikel** | **Datum van gebruik**

## 4.14 Boekresensies

'n Boek word gewoonlik in 'n tydskrif of koerant geresenseer.

**Resensent** | **Datum** | **Titel soos wat dit in die artikel verskyn, outeur van boek**

Twycross, A. 2004. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches by John W. Creswell. *Nurse researcher*, 12(1):82-83.

**Tydskriftitel (kursief)** | **Volume(nommer):bladsynommer(s)**

Van der Merwe, C. 2010. Werklikheidsgevoel maak van 'Spoor' 'n spanningstreffer: Spoor deur Deon Meyer. *Volksblad*: 7, 6 Nov.

## 4.15 Staatspublikasies

### 4.15.1 Wette

Omdat wette op verskeie platforms en formate beskikbaar is, is dit nie nodig vir uitgewersinligting nie.

**Land** | **Datum** | **Wet se naam Nommer van jaar**

Suid-Afrika. 1993. Wet op Handelsmerke 194 van 1993.

Indien daar in die teks verwys word na 'n wet, is dit nodig om 'n kruisverwysing in die bronnelys te maak vanaf die wet se naam na "Suid-Afrika" om die leser te lei na die korrekte inskrywing in die bronnelys, of indien daar na meer as een wet verwys word, kan 'n algemene kruisverwysing in die bronnelys gemaak word vanaf "Wette" na "Suid-Afrika".

*Teks*:

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (66 van 1995) maak voorsiening vir .....

*Bronnelys*:

Wet op Arbeidsverhoudinge ***kyk*** Suid-Afrika.

OF

Wette ***kyk*** Suid-Afrika.

Suid-Afrika. 1995. Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.

Verwys soos volg na die Grondwet:

*Teks*:

Volgens die Grondwet (1996) mag 'n landsburger …

*Bronnelys*:

Grondwet ***kyk*** Suid-Afrika.

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.

## 4.15.2 Hofsake

*Teks*:

In die saak van Motala v University of Natal (1995), is dit duidelik dat …


OF

…. inligting op die internet moet baie deeglik geevalueer word (Motala v University of Natal, 1995).

*Bronnelys*:

Maak 'n kyk-verwysing in die bronnelys vanaf "hofsake" na "Suid-Afrika".

Hofsake ***kyk*** Suid-Afrika.




## 4.15.3 Kommissies van ondersoek

Die outeurs van staatspublikasies is gewoonlik staatsdepartemente of kommissies. 'n Verkorte vorm kan in die teks gebruik word, met 'n duidelike kruisverwysing in die bronnelys na die korrekte volledige vorm.

*Teks*:

In sy vierde tussentydse verslag blyk dit dat die Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies (1974:56) oortuig is dat …

*Bronnelys*:

Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies ***kyk*** Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies.

Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies. 1974. Vierde tussentydse verslag. Pretoria: Staatsdrukker. (RP33/1974).

**Indien 'n staatspublikasie 'n RP-nr. het, verskaf dit, aangesien dit die opspoor daarvan vergemaklik**

### 4.15.4 Departemente

*Teks*:

In 2008 was die gemiddelde leerder-onderwyser verhouding in gewone skole 30.5:1 (Departement van Onderwys, 2010:8).

*Bronnelys*:

Departement van Onderwys ***kyk*** South Africa. Department of Education.

South Africa. Department of Education. 2010. Education statistics in South Africa 2008. Pretoria.

**Outeur is dieselfde as uitgewer, daarom word dit nie weer hier genoem nie**

### 4.15.5 Staatskoerant

Verskeie tipes regeringsdokumente word in die staatskoerant gepubliseer, soos kennisgewings, regulasies, wetsontwerpe, proklamasies, ens.

**Land** | **Datum** | **Titel van kennisgewing**

South Africa. 2004. Publication on explanatory summary: Petroleum Products Amendment Bill, 2004. (Notice 1624). *Government gazette*, 26648:2, 4 Aug.

**Kennisgewingnommer** | **Staatskoerant (kursief)** | **Nommer van staatskoerant** | **Die kennisgewing het op bl. 2 in die staatskoerant van 4 Aug. verskyn**

South Africa.  2011.  Petroleum Products Act 1977 (Act no. 120 of 1977): regulations in respect of the single maximum national retail price for illuminating paraffin.  (Government notice no. R560).  *Government gazette*, 34434, 5 Jul.

South Africa.  2005.  Genetically Modified Organisms Amendment Bill.  (B34 2005). *Government gazette*, 27913, 26 Aug.

South Africa.  2009.  Commencement of the National Environmental Management: Protected Areas Amendment Act, 2009 (Act no. 15 of 2009).  (Proclamation no. 69).  *Government gazette*, 32660:3, 23 Oct.

### 4.15.6 Provinsiale koerant

Net soos in die staatskoerant word provinsiale regeringsdokumente in die provinsiale koerant gepubliseer, bv. kennisgewings en ordonnansies.

Mpumalanga (Suid-Afrika).  2011.  Oopseisoen: gewone wild.  (Kennisgewing 1 van 2011). *Provinsiale koerant*, 1910:3-8, 14 Mar.

## 4.16 Internet- en ander elektroniese inligtingsbronne

### 4.16.1 Internetartikels

Inligting wat van die internet verkry is, se spesifieke internetadres (URL) moet gegee word en nie net die adres van die tuisblad nie.  Die leser moenie sukkel om by die spesifieke artikel uit te kom nie.

**Outeurs** **Datum** **Titel**

Capstick, S., Fleming, H. & Hurne, J.  2004.  Implementing peer assisted learning in higher education: the experience of a new university and a model for the achievement of a mainstream programme.  http://pal.bournemouth.ac.uk/documents/implmntng%20pal%20article61.pdf  Date of access: 10 Aug. 2011.

**Datum van gebruik** **Internetadres (URL)**

### 4.16.2 Elektroniese nuusbriewe

**Outeur** **Dag Maand Jaar** **Titel**

KwaZulu-Natal Law Society. 2 Sep. 2011. InfoUpdate 15 of 2011: Legal profession. Newsgroup: http://www.lawlibrary.co.za/notice/updates/2011/issue_15.htm Date of access: 6 Sep. 2011.

**Internetadres (URL) van die nuusgroep** **Datum van gebruik**

## 4.17 Persoonlike kommunikasie (onderhoude, briewe, e-pos)

**Persoon met wie onderhoud gevoer is** **Titel / onderwerp** **Vorm van kommunikasie** **Dag, Maand, Plek**

Rossouw, E. 2009. Arab labour law [personal interview]. 30 Jul., Abu Dhabi.

**Datum**

Smith, R. 2010. Genealogical research of the Smith family [correspondence]. 26 Feb., Potchefstroom.

Basson, C. 2008. Databasisstatistieke [e-pos]. 1 Apr. 2008.

## 4.18 Patente

**Outeurs** **Datum** **Titel**


Hwang, M., Stark, L.E., Heinen, G. & Rimpillo, L. 1998. Optical curing process for integrated circuit package assembly. (Patent: US 5846476).

**Patent: Land van uitreiking (gebruik onderstaande afkortings) Patentnommer**

**Land kodes:**

| | | |
|---|---|---|
| AP – African Regional Industrial Property Organization | FI - Finland | MX – Mexico |
| AR – Argentina | FR – France | NL – Netherlands |
| AT – Austria | GB – United Kingdom | NO – Norway |
| AU – Australia | GC – Gulf Cooperation Council | NZ – New Zealand |
| BE – Belgium | GR – Greece | PH – Philippines |
| BG – Bulgaria | HK – Hong Kong | PL – Poland |
| BR – Brazil | HR – Croatia | PT – Portugal |
| CA – Canada | HU – Hungary | RO – Romania |
| CH – Switzerland | IE – Ireland | RU – Russia |
| CN – China, People's Republic of | IL – Israel | SE – Sweden |
| CR – Costa Rica | IN – India | SG – Singapore |
| CS – Czechoslovakia | IP – Web publication | SI – Slovenia |
| CZ – Czech Republic | IT – Italy | SK – Slovakia |
| DD – German Democratic Republic | JP – Japan | SU – USSR |
| DE – Germany | KR – Korea, Republic of | TR – Turkey |
| DK – Denmark | LT - Lithuania | TW – Taiwan |
| EE – Estonia | LU – Luxemborg | US – United States |
| EG – Egypt | LV – Latvia | WO – WIPO (World Intellectual Property Organization) |
| EP – EPO (European Patent Office) | MC – Monaco | ZA – South Africa |
| ES – Spain | MD – Moldova | |

## 4.19 Standaarde




## 4.20 Oudiovisuele- en ander media

Hierdie sluit films, CD's / musiekopnames, videos / DVD's, radio- en televisie uitsendings en webaflaaie ("podcasts") in.

Dui die medium aan in vierkantige hakies aan die einde van die verwysing.

**CD**

Maltin, L. 1995. Leonard Maltin review: Jurassic Park. (*In* Microsoft Cinemania '95.) [CD].

Sinatra, F. 2003. The best of Frank Sinatra, directed by Alex Stordahl. New York, NY: Legacy. [CD].

**DVD**

Wise, R. 2002. The sound of music, produced by Argyle Enterprises. Beverley Hills, CA: Twentieth Century Fox Home Entertainment. [DVD].

**PowerPoint**

Kunka, J.L. 2005. Understanding writing: the rhetorical situation. A workshop brought to you by the Purdue University Writing Lab. http://owl.english.purdue.edu/workshops/pp/2 Date of access: 23 Nov. 2005. [PowerPoint presentation].

**Webaflaai ("Podcast")**

RSG (Radio Sonder Grense). 30 Aug. 2011. Ons en die ekonomie. http://www/rsg/co.za/potgooi-soek.asp Datum van gebruik: 5 Sep. 2011. [Webaflaai].

Obama, B. 18 Jan. 2006. Honest leadership and open government. http://obamaspeeches.com/044-Remarks-Honest-Leadership-and-Open-Government-Obama-Podcast.htm Date of access: 6 Apr. 2011. [Podcast].

## 4.21 Ongepubliseerde werke

Ongepubliseerde werke sluit manuskripte in wat nie formeel gepubliseer is nie.

**Outeur** **Datum** **Titel**

South Africa. Department of Trade and Industry. 2006. Draft export strategy 2006-2009: trade and investment South Africa, export development and promotion. (Unpublished).

**Ongepubliseer (of soortgelyke nota)**

# VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS 5

## Bronnelys


Acts ***see*** South Africa.

Anon. 2009. Chamber music. http://www.classicol.com/classical.cfm?music=instrumentInfo&section=ChamberMusic&title=About%20Chamber%20Music Date of access: 29 Sep. 2010.

Brinson, K.H., Jr. & Miller, J. 1995. Invitational theory and total quality management: implications for professional practice and educational reform. Paper presented at the Annual Meeting of the Northeastern Educational Research Association, Ellenville, NY, 25 October. http://www.eric.ed.gov/PDFS/ED393204.pdf Date of access: 1 Nov. 2008.

Bruning, S.D., McGrew, S. & Cooper, M. 2006. Town-gown relationships: exploring university-community engagement from the perspective of community members. *Public relations review*, 32(2):125-130.

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Capstick, S., Fleming, H. & Hurne, J. 2004. Implementing peer assisted learning in higher education: the experience of a new university and a model for the achievement of a mainstream programme. http://pal.bournemouth.ac.uk/documents/implmntng%20pal%20article61.pdf Date of access: 10 Aug. 2011.

De Klerk, B.J., De Wet, F.J. & Pieterse, H.J.C. 2012? Die noodsaak daarvan om metateoretiese vertrekpunte in prakties-teologiese wetenskapsbeskouing en –beoefening te verreken. *In die Skriflig*, (Ter perse).

Deci, E.L. 1980. The psychology of self-determination. Lexington, MA: Lexington Books.

Deci, E.L. & Ryan, R.M. 2000. The what and why of goal pursuits: human needs and the self-determination of behavior. *Psychological inquiry*, 11(4):227-268.

Deci, E.L., Eghrari, H., Patric, B.C. & Leone, D.R. 1994. Facilitating internalization: the self-determination theory perspective. *Journal of personality*, 62(1):119-142.

Department of Education. ***see*** South Africa. Department of Education.

Departement van Onderwys. ***kyk*** South Africa. Department of Education.

Duvenhage, P. 2009. The ambivalent face of globalization. *Discourse: unforeseen consequences of globalization*, 37(1):18-23.

Fransman, W. 2005. Verwyder net eers die struikelblokke vir swart Afrikaanse skrywers. *Litnet*, 14 Okt. http://www.oulitnet.co.za/indaba/willem_fransman.asp Datum van gebruik: 10 Aug. 2006.

Gardner, E.K. & Shelton, B. 1967. The intensive therapy unit and the nurse. London: Faber and Faber.

Gentner, D. & Colhoun, J. 2010. Analogical processes in human thinking and learning. (*In* Glatzeder, B.M., Goel, V. & Von Müller, A., *eds*. Towards a theory of thinking: building blocks for a conceptual framework. Heidelberg: Springer. p. 35-48).

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Hwang, M., Stark, L.E., Heinen, G. & Rimpillo, L. 1998. Optical curing process for integrated circuit package assembly. (Patent: US 5846476).

Kock, L. 2010. Nuwe voedseletikette kan ook misleidend wees. *Rapport*: 18, 8 Aug.

KwaZulu-Natal Law Society. 2 Sep. 2011. InfoUpdate 15 of 2011: Legal profession. Newsgroup: http://www.lawlibrary.co.za/notice/updates/2011/issue_15.htm Date of access: 6 Sep. 2011.

Loots, F. 2011. Die Jakkalsdans [Kindle uitg.] Beskikbaar: http://www.amazon.com

Mac Cormac, E.R. 1985. A cognitive theory of metaphor. Cambridge, MA: MIT Press.

Mc Clintock, M. 2002. The production and stability of creatine-containing sports supplements. Potchefstroom: PU for CHE. (Dissertation – MSc).

McArthur, R. 2011. Many are called, yet few are chosen: are neuropsychiatric clinical trials letting us down? *Drug discovery today*, 16(5-6):173-175.

Mpumalanga (Suid-Afrika). 2011. Oopseisoen: gewone wild. (Kennisgewing 1 van 2011). *Provinsiale koerant*, 1910:3-8, 14 Mar.

NWU (Noordwes-Universiteit). 2010. Handleiding vir nagraadse studie. http://www.nwu.ac.za/sites/default/files/fiels/library/documents/manualpostgrad_a.pdf Datum van gebruik: 10 Okt. 2011.

Pienaar, W.J. 2010a. Logistics aspects of petroleum pipeline operations. *Journal of transport and supply chain management*, 4(1):224-242.

Pienaar, W.J. 2010b. Efficiency and effectiveness aspects of petroleum pipeline operations: pipes, pumps and valves. *IMIESA*, 35(10):105-106, 109, 111.

Potgieter, J.C., Van Eeden, C. & Wissing, M.P. 2011. Toegepaste positiewe sielkunde: bevordering van bio-psigo-sosiale gesondheid en welsyn. Potchefstroom: NWU, Vaaldriehoekkampus. (Studiegids PSYC 673 PAC).

Rossouw, E. 2009. Arab labour law [personal interview]. 30 Jul., Abu Dhabi.

Salatin, J. 2009. Declare your independence. (*In* Weber, K., *ed*. Food, Inc.: how industrial food is making us sicker, fatter, and poorer – and what you can do about it. New York, NY: Public Affairs. p. 183-196).

SANS (South African National Standards). 2004. The use of light metals in hazardous locations at mines. Pretoria: SABS, Standards Division. (SANS 10012).

Sekatane, M.B. 2006. An analysis and application of different methodologies for measuring poverty in Sharpeville. Vanderbijlpark: NWU. (Thesis – PhD).

South Africa. 2009. Commencement of the National Environmental Management: Protected Areas Amendment Act, 2009 (Act no. 15 of 2009). (Proclamation no. 69). *Government gazette*, 32660:3, 23 Oct.

South Africa. Department of Education. 2010. Education statistics in South Africa 2008. Pretoria.

South Africa. Department of Trade and Industry. 2006. Draft export strategy 2006-2009: trade and investment South Africa, export development and promotion. (Unpublished).

Suid-Afrika. 1993. Wet op Handelsmerke 194 van 1993.

Suid-Afrika. 1995. Motala v University of Natal 1995 (3) BCLR 374 (D).

Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies. 1974. Vierde tussentydse verslag. Pretoria: Staatsdrukker. (RP33/1974).

Wette ***kyk*** Suid-Afrika.

Wikipedia. 2011. Geographic information system. http://en.wikipedia.org/wiki/GIS Date of access: 31 Aug. 2011.

Wise, R. 2002. The sound of music, produced by Argyle Enterprises. Beverley Hills, CA: Twentieth Century Fox Home Entertainment. [DVD].

# REGTE

REGTE

ALGEMENE RIGLYNE VIR STUDENTE 39

ALGEMENE RIGLYNE VIR VOETNOTE EN DIE BRONNELYS 44

VOORBEELDE VAN VERWYSINGS IN VOETNOTE EN DIE BRONNELYS 46

VOORBEELDE 50

# INHOUD

## REGTE

1. ALGEMENE RIGLYNE VIR STUDENTE
1.1 NOMMERING VAN BLADSYE ........ 39
1.2 OPSKRIFTE ........ 39
1.3 TAAL ........ 40
1.4 GEBRUIK VAN AFKORTINGS ........ 41
1.5 GEBRUIK VAN AANHALINGS (VANUIT ANDER BRONNE) ........ 41

2. ALGEMENE RIGLYNE VIR VOETNOTE EN DIE BRONNELYS
2.1 VOETNOTE ........ 44
2.2 BRONNELYS ........ 55

3. VOORBEELDE VAN VERWYSINGS IN VOETNOTE EN DIE BRONNELYS ........ 46

4. VOORBEELDE
4.1 VOORBLAD - INDIVIDUELE WERKSOPDRAG ........ 50
4.2 VOORBLAD - LLB FINALE-JAAR SKRIPSIE ........ 51
4.3 VOORBEELD - INHOUDSOPGAWE ........ 52
4.4 VOORBEELD - BIBLIOGRAFIE ........ 53

# ALGEMENE RIGLYNE VIR STUDENTE 1

1.1– 1.5

**Onderhewig aan verandering.**
**Vir opgedateerde verwysingstyl en aanhalingstandaard sien die PER-styl op die NWU webblad: http://www.nwu.ac.za/content/style**

- Alle werksopdragte en skripsies moet in *Microsoft Word* voorberei word.
- Gebruik lettertipe Arial 12pt.
- Teks word geblok (*justified*) met 1.5 lyn-spasiëring.
- Alle opskrifte moet teen die linkerkantlyn begin.
- Laat een reël oop tussen opeenvolgende paragrawe asook voor en na aanhalings.
- Tabelle en ander grafika moet opskrifte hê, genommer word (bv Tabel 1) en moet deurlopend eenvormig vertoon.

## *1.1 Nommering van bladsye*

- Nommer bladsye in die middel onder aan die bladsy in Arabiese syfers, bv 1, 2, 3, ens.
- Begin nommering op die eerste bladsy met teks na die voorblad. Dit is gewoonlik die bladsy waarop die lys van afkortings verskyn.
- Bladsynommers moet in dieselfde lettertipe as die teks wees, dus Arial 12pt.

## *1.2 Opskrifte*

Let op die gebruik van punte. Geen punt na die laaste syfer van opskrifnommers.

| Funksie | Nommering | Beskrywing | Voorbeeld |
|---|---|---|---|
| Hoofopskrif | **1** | **Bold** | **1 Grondwetlike bepalings** |
| Ondergeskikte opskrif | ***1.1*** | ***Bold + Italics*** | ***1.1 Handves van Regte*** |
| Verdere ondergeskikte opskrif | *1.1.1* | *Italics* | *1.1.1 Reg op lewe* |
| Enige opvolgende opskrif | 1.1.1.1 (ens) | Geen bold of italics | 1.1.1.1 Horisontale werking |

## 1.3 Taal

- ***"British English"*** is altyd die gebruiklike Engels.
- ***Kursief*** vir alle vreemde woorde in 'n taal anders as die taal waarin die opdrag / skripsie geskryf word, bv *inter alia, Rechtsstaat*, ens. Dit geld ook vir Engelse woorde in Afrikaanse werksopdragte / skripsies. ***Let daarop dat lang aanhalings wat in 'n vreemde taal voorkom en in die teks ingekeep en geblok word, nie in kursief getik hoef te word nie***.
- ***Kursief*** vir die name van regstydskrifte, die name van wette en hofsaakname (sien verwysingstandaard-voorbeelde).
- Slegs die eerste woord van opskrifte in die teks is met 'n hoofletter, behalwe as die woorde volgens gewone taalreëls met 'n hoofletter gespel word. Maar by verwysings na die titels van boeke, bv in voetnote moet alle woorde behalwe lidwoorde en voegwoorde met 'n hoofletter gespel word bv *Die Belangrike Boek* en nie *Die belangrike boek* nie.
- Maak met behulp van 'n woordeboek en voorgeskrewe handboeke seker van die gebruik van kleinletter- en hoofletterwoorde, bv appèl, regering, staat en amptenaar, maar die Hoogste Hof van Appèl, die Konstitusionele Hof en die Minister van Arbeid word met hoofletters geskryf.
- Gebruik **hoofletters** wanneer na 'n **spesifieke wet**, **grondwet**, **hof** of **funksionaris** verwys word, bv die "Namibiese Grondwet" of die "Grondwet van Australië". Hierdie reël geld dus ook vir die voorbeelde hierbo.
- Gebruik kleinletters wanneer daar in die algemeen na 'n grondwet, wet of funksionaris verwys word, bv "lande se grondwette omvat gewoonlik almal 'n lys van afdwingbare regte …" of "daar is verskeie grondwette wat eiendomsreg reël …". Hierdie reël geld dus ook vir die voorbeelde hierbo.
- Let daarop dat "grondwetlike" met 'n kleinletter geskryf word behalwe wanneer dit aan die begin van 'n sin voorkom.
- Die amptelike voorgeskrewe wyse om na die nuwe Grondwet van Suid-Afrika te verwys is: *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996.
- Vermy die gebruik van persoonlike voornaamwoorde soos "my" en "ek".
- Vermy sover moontlik die gebruik van die **passiewe** vorm.
- Indien 'n volle sin binne hakies geskryf word, kom sy punt ook binne die hakies.
- Indien slegs 'n gedeelte van 'n sin binne hakies geplaas word, kom die hoofsin waarmee die hakie se inhoud saamgelees word se punt buite die hakie:

> Piet en sy sussie is blind. ('n Hond het hulle in die oog gebyt.)
>
> **maar …**
>
> Piet en sy sussie is blind (as gevolg van 'n hondbyt).

## 1.4 Gebruik van afkortings

- ‘n Lys van afkortings moet ingesluit word direk na die inhoudsopgawe, op ‘n aparte bladsy, sonder ‘n raampie.
- Slegs onbekende of nie-voor-die-handliggende afkortings wat in die werksopdrag / skripsie gebruik is, word in die lys ingesluit.
- Hierdie lys sluit akronieme en afgekorte tydskriftitels in. Die nasiener van die werksopdrag / skripsie moet ‘n afkorting in die lys van afkortings kan naspeur indien hy / sy dit nie herken nie.
- Gebruik sover moontlik slegs erkende afkortings soos wat dit in woordeboeke verskyn.
- Voor-die-handliggende erkende afkortings hoef nie gelys te word nie.
- Afkortings soos **LAWSA** ("The Law of South Africa"), **DWOS** (Departement van Water en Omgewingsake) en **VN** (Verenigde Nasies) moet wel gelys word.
- Gebruik afkortings **so min as moontlik** in die <u>teks</u>, bv "artikel 12", en so veel as moontlik in die <u>voetnote</u>, bv "a 12".
- Afkortings word sonder punte gebruik.
- Indien ‘n afkorting aan die begin van ‘n sin of voetnoot voorkom, word dit met ‘n hoofletter geskryf.

Byvoorbeeld:

**LYS VAN AFKORTINGS**

| | |
|---|---|
| OBSA | Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika |
| DOS | Departement van Omgewingsake |
| EHMR | Europese Hof vir Menseregte |
| EU | Europese Unie |
| SAMRK | Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie |

## 1.5 Gebruik van aanhalings (vanuit ander bronne)

- ‘n Direkte aanhaling vanuit ‘n ander bron wat nie langer as een getikte reël is nie, moet in dieselfde sin aangehaal word, bv Swanepoel is van mening: "Arbeidsreg is een van die mees komplekse velde van die reg."
- Voor en na ‘n direkte aanhaling vanuit ‘n ander bron wat langer as een getikte reël is, moet daar ‘n skoon reël voor en na sodanige aanhaling oopgelaat word (as’t ware ‘n paragrafering).

Paragraaf XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX XXXXXXXXXXXXXXX XXXXX XXXX XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX.

Teen hierdie agtergrond word “parlement” gedefinieer as:

> The ideal form of government which is established by way of collaboration, coordination, co-operation and integration.
>
> (Aanhaling loop hier in lettergrootte 11, enkelspasiëring en sonder enige aanhalingstekens want die struktuur dui aan dat dit ‘n direkte aanhaling is. Aanhalings wat so ingekeep en geblok is, word nie kursief getik nie, ongeag in watter taal dit geskryf is.)

Paragraaf XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

- Aanhalings word in **enkelspasiëring** getik en aan beide kante **ingekeep** en **geblok** (justified).
- Geen aanhalingstekens word in die lang geblokte aanhalings gebruik nie.
- Enkel-aanhalingstekens word gebruik vir aanhalings binne ‘n aanhaling.

"(T)he most appropriate form of biodiversity regulation is arguably by means of ‘economic instruments’".

- Leestekens wat deel vorm van die aanhaling word binne die aanhalingstekens geplaas soos met die punt in die voorbeeld hierbo.
- **Alle verwysings na die bron waarin die aangehaalde teks oorspronklik verskyn, geskied by wyse van ‘n voetnoot.** Die voetnoot-verwysing moet direk na die naam van die outeur verskyn.

Feris[1] is van mening dat "there may not be enough resources to adequately address environmental justice issues".

1 Feris *Environmental Justice* 3.

- Onthou: geen direkte aanhaling kan self ‘n boodskap oorbring indien dit nie **in konteks** geplaas word en die relevansie van die aanhaling nie verduidelik word nie.
- Die **voetnoot-verwysing kom altyd na die leesteken**.

Byvoorbeeld:

> Daar is duisende wette wat kooptransaksies bemoeilik.[2]
>
> of
>
> Terwyl daar streng kontrole oor kooptransaksies in Suid-Afrika uitgevoer word,[3] is dit so dat korrupsie steeds toeneem in transaksies waarby staatsorgane betrokke is.[4]

2 Sien De Wit *Kooptransaksies* 299.

3 Sien De Wit *Kooptransaksies* 299-350.

4 Sien Raubenheimer *Korrupsie in SA* 12.

# ALGEMENE RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN VOETNOTE EN DIE BRONNELYS 2

2.1– 2.2

## 2.1 Voetnote

- Voetnote **verskyn onder aan elke bladsy** van die teks. **Geen** verwysings na bronne binne die teks self (bv Smith, 2008:5). **Geen** eindnotas aan die einde van die werksopdrag / skripsie nie.
- Voetnote onderaan die bladsy moet nie in *superscript* wees nie – maw die voetnoot-nommer moet regoor die teks van die betrokke voetnoot staan. Sien die voetnote in hierdie dokument as voorbeeld. Gebruik die *font-funksie* in *MS Word* om die nodige regstelling te maak.
- Geen punt na die voetnoot-nommer in die voetnote onderaan die teks nie (gebeur gewoonlik outomaties in *MS Word*).
- Geen oop reëls tussen voetnote nie. Voetnote moet in enkelspasiëring wees.
- Voetnote word soos die teks geblok. (*justified*)
- Lettergrootte by voetnote: 10pt Arial. (gewoonlik so ingestel op *MS Word*.)
- Kantlyn: 0.75 cm inspringende paragraaf (hanging indent) word gebruik.
- ‘n Voetnoot word ingesluit sodra ‘n skrywer se naam genoem is of ‘n stelling gemaak is.

Byvoorbeeld:

Paterson[5] sê ...

Daar word gereken dat agtien persent van alle mense aan ernstige aandagafleibaarheid[6] lei.

Die Grondwet[7] bepaal duidelik dat diskriminasie op grond van geloofsoortuiging verbode is.

- Alle bladsyverwysings moet in die volgende formaat verstrek word: 222-224, en nie 222-4 of 222-24 nie. **Geen gebruik van 'bl' of 'p' of 'bladsy' nie – slegs die syfers dui die betrokke bladsynommers aan**.
- Boeke se titels word verkort in voetnotas wanneer die titel langer as een getikte reël is.

---

5 Plaas die bron (byvoorbeeld ‘n boek hier soos wat die verwysingstandaard vir tydskrifartikels dit vereis): Paterson *Biodiversity Protection* 22.

6 Sien vir ‘n definisie van aandagafleibaarheid, Wielandt *Psigologiese Hindernisse* 18.

7 A 9 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

**Voetnoot:**

Cornelius *Principles* 33. (verkort deur gewoonlik die eerste selfstandige naamwoord met betekenis in te sluit).

**Bronnelys:**

Cornelius SJ *Principles of the Interpretation of Contracts in South Africa* (LexisNexis Durban 2002)

- ‘n Kommapunt word gebruik om meer as een bron van mekaar te skei, bv[8] (sien voetnoot 8 hieronder vir voorbeeld).
- In die geval van twee verwysings uit dieselfde bron, word slegs ‘n komma gebruik bv[9] (sien voetnoot 9 hieronder vir voorbeeld).
- Daar moet ‘n punt na elke voetnoot geplaas word ongeag die tipe bron.
- Baie belangrik: daar mag nie van woorde soos *ibid*, *supra* of *infra* gebruik gemaak word nie. Verwys na paragraafnommers "bo" of "onder" bv "Sien par 1.3 bo".

## 2.2 Bronnelys

- ‘n Bronnelys volg aan die einde van die teks.
- Bronne word alfabeties volgens outeurs se van gelys onder die volgende sub-opskrifte:
  - **Literatuur** – Alle boeke, tydskrifartikels, hoofstukke in boeke, verslae, konferensiebydraes, koerantberigte, verhandelings ens.
  - **Regspraak** – Alle hofsake waarna verwys is.
  - **Wetgewing** – Alle wette waarna verwys is (sluit ook die Grondwet in alhoewel die Grondwet nie as ‘n gewone wet beskou word nie).
  - **Internasionale instrumente** – Alle resolusies, konvensies, verdrae ens (internasionale verslae, boeke ens geskryf deur internasionale outeurs verskyn egter in die lys met literatuur. Slegs amptelike internasionale ooreenkomste en ander internasionale regsinstrumente word hier bedoel).
  - **Internetbronne** – Artikels en literatuur gevind op ‘n webwerf.
- Tussen elke inskrywing word ‘n spasie gelaat.
- Bronne word gelys in enkelspasiëring, steeds in lettertipe Arial 12pt.
- **Geen punte** in die bronnelys nie (slegs aan die einde van voetnote in die teks).

8 Cornelius *Principles* 33; Van der Berg *Wetsuitleg in Suid-Afrika* 35.

9 Cornelius *Principles* 33, 67.

# VOORBEELDE VAN VERWYSINGS IN VOETNOTE EN DIE BRONNELYS 3

**Boek**

*Voetnoot:*

Grové en Otto *Basic Principles of Consumer Credit Law* 32.

*Bronnelys:*

Grové NJ en Otto JM *Basic Principles of Consumer Credit Law* (Juta Kaapstad 2002)

**Bydrae of hoofstuk in 'n versamelwerk**

*Voetnoot:*

Van der Merwe "Sectional Titles"  3-14.

*Bronnelys:*

Van der Merwe CG "Sectional Titles" in Joubert WA en Faris JA (reds) *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 2000) 123-265

**Konferensiebydrae**

*Voetnoot:*

Reickhardt "Legal Liabilities" 2B-3.

*Bronnelys:*

Reickhardt M "Legal Liabilities" (Ongepubliseerde voordrag gelewer by die Kamer van Mynwese se Konferensie *Environmentally Responsible Mining in Southern Africa* 25-28 September 2001 Johannesburg) 2B-1 - 2B-7

**Proefskrif of verhandeling**

*Voetnoot:*

Wessels *Mining Authorisations in South Africa* 221.

*Bronnelys:*

Wessels J *Environmental and Mining Authorisations in South Africa* (LLM-verhandeling NWU 2005)

**Tydskrifartikel**

*Voetnoot:*

De la Harpe en Van der Walt 2005 *AHRLJ* 71.

*Bronnelys:*

De la Harpe S en Van der Walt T "The Right to Pre-trial Silence as Part of the Right to a Free and Fair Trial – An Overview" 2005 *AHRLJ* 70-90

**Let wel:** Omdat die tydskriftitel afgekort word (*AHRLJ*) moet die afkorting in die lys van afkortings opgeneem word.

**Koerantberig**

*Voetnoot:*

Hartely *Business Day* 4.

*Bronnelys:*

Hartely G "DA rails at Selebi's use of crime figures" *Business Day* 18 Julie 2006 4

**Let wel:** Tydskrifte wat weekliks gepubliseer word, word soos koerantberigte aangehaal.

**Wetgewing (afsonderlike lys in bronnelys)**

*Voetnoot:*

'n Voetnoot is onnodig indien die volle verwysing na die wet in die teks aangegee word. Indien slegs die naam van die wet in die teks gegee word moet die nommer en jaar in die voetnoot verskyn, byvoorbeeld:

26 van 2005.

*Bronnelys:*

*Wet op die Ouditeursprofessie* 26 van 2005

Wanneer in ‘n voetnoot na spesifieke artikel(s) in die wet verwys word:

A 1 *Wet op die Ouditeursprofessie* 26 van 2005.

Aa 1 en 3 *Wet op die Ouditeursprofessie* 26 van 2005.

As dit duidelik uit die inhoud blyk dat die hele bespreking oor een bepaalde wet handel, of indien dit aan die leser duidelik is na watter wet verwys word, kan daar in die voetnoot bloot na die betrokke artikel van dié wet verwys word. Hoofletter A slegs aan die **begin van die voetnoot** of ‘n sin in die voetnoot. Andersins bv: Die Hof het verwys na a 1 van die *Wet op die Ouditeursprofessie* 26 van 2005 (geld slegs vir voetnote).

**Staatspublikasies**

Verwysing in die bronnelys en voetnoot is dieselfde.

GK R456 in SK 11456 van 24 April 2006

Prok R34 in SK 10345 van 13 Desember 2005

AK 342 in SK 24567 van 24 Desember 2006

* GK – Goewermentskennisgewing

** Prok – Proklamasie

*** AK – Algemene Kennisgewing

**** SK - Staatskoerant

**Internet (afsonderlike lys in bronnelys)**

*Voetnoot:*

Clarkson 1998 http://webjcli.ncl.ac.uk

*Bronnelys*

Clarkson CMV 1998 *Corporate culpability* http://webjcli.ncl.ac.uk/1998/issue2/clarkson2.html geraadpleeg op 21 Mei 2009

en

*Voetnoot:*

International Organization for Migration http://publications.iom.int/bookstore/free/WMR_2010_ENGLISH.pdf

*Bronnelys:*

International Organization for Migration 2010 *World Migration Report 2010 The Future of Migration: Building Capacities for Change* http://publications.iom.int/bookstore/free/WMR_2010_ENGLISH.pdf geraadpleeg op 4 November 2011

**Hofsake (afsonderlike lys in bronnelys)**

*Voetnoot:*

*President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (KH) par [15].

*Bronnelys:*

*President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (KH)

## 4.1 Voorblad – Individuele werksopdrag

**KW VAN DER MERWE (Katryn)** *(voorletters, van en noemnaam)*

**123466781** *(studentenommer)*

**JURI 122** *(modulekode)*

**Werksopdrag 3** *(werksopdragnommer)*

**Dosent: Prof TM Raubenheimer** *(naam van dosent wat module aanbied)*

**30 April 2012** *(inhandigingsdatum)*

**Let wel:**

Geen prentjies of fotos op voorblad tensy vir 'n bepaalde opdrag so vereis.

Geen plastiekomslae of plastieksakkies word toegelaat nie.

## 4.2 Voorblad – LLB Finale-jaar skripsie

**Nalatigheid en Konsensus: ’n Regsperspektief op die Posisie van Mediese Praktisyns**

(titel van skripsie)

Navorsingsverslag ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Baccalaureus Legum aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

deur

**Cornelia Bekker**

**12762520**

***(Nota: die voorblad het nie ’n bladsynommer nie)***

Studieleier: Me Lida Van Wyk *(naam van studieleier)*

Oktober 2012 *(datum van inhandiging)*

## 4.3 Voorbeeld – Inhoudsopgawe

**INHOUDSOPGAWE** *(op aparte A4 bladsy, sonder raampie)*


| | | |
|---|---|---|
| Lys van afkortings | | 1 |
| 1. | Inleiding | 2 |
| 2. | Die regsposisie in Suid-Afrika | 4 |
| 3. | Die regsposisie in die Gauteng-provinsie | 8 |
| 4. | Leemtes in nasionale en provinsiale wetgewing | 14 |
| 5. | Samevatting, slot en aanbevelings | 19 |
| Bibliografie | | 23 |


**Let wel:**

- Die inhoudsopgawe word eers opgestel nadat die werksopdrag / skripsie voltooi is.
- Die inhoudsopgawe word ingesluit tussen die voorblad van die werksopdrag / skripsie en die eerste bladsy met teks.
- Die bladsy(e) met inhoudsopgawe kan genommer word in die middel onder aan die bladsy. Gebruik 'n kleinletter Romeinse nommering (i en ii). Die gewone bladsynommers (1, 2, 3, ensovoorts) begin by die eerste bladsy van die teks – hoofstuk of paragraaf 1. Alle voorafgaande bladsye moet met Romeinse syfers genommer word.

## 4.4 Voorbeeld – Bibliografie


Alexander en Martins 1996 *Management and Law Review*

Alexander CR en Martins MA "Origins of Corporate Crime" 1996 *Management and Law Review* 421-435

Badahla 2001 *SA Journal of Psychology and Law*

Badahla K "Organisational Psychology and Workplace Control: the Instrumentality of Corporate Culture" 2001 *SA Journal of Psychology and Law* 43-49

Bekker ea *Corporate Culture and Law*

Bekker R ea *Corporate Culture and Law* (Human Resource Development Press London 2011)

Fisse 1982-1983 *S Cal L Rev*

Fisse B "Reconstructing Corporate Criminal Law: Deterrence, Retribution, Fault, and Sanctions" 1982-1983 *S Cal L Rev* 1141-1246

Fisse en Braithwaite 1988 *Sydney L Rev*

Fisse B en Braithwaite J "The Allocation of Responsibility for Corporate Crime: Individualism, Collectivism and Accountability" 1988 *Sydney L Rev* 467-513

Fisse en French (reds) *Corrigible Corporations and Unruly Law*

Fisse B en French PA (reds) *Corrigible Corporations and Unruly Law* (Trinity University Press San Antonio 1986)

Snyman *Strafreg*

Snyman CR *Strafreg* 5de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

*Universal Declaration of Human Rights* (1948)

*Universal Declaration of Human Rights* aanvaar deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies (10 Desember 1948)

**Register van hofsake**

*S* v *Majosi* 1991 2 SASV 532 (A)

*S* v *Masilela* 1968 2 SA 558 (A)

*Van Eeden v Minister of Safety and Security* (*Women's Legal Centre Trust as amicus curiae*) 2003 1 SA 389 (HHA)

*Vrystaat Cheetahs (Edms) Beperk v Mapoe* (Ongepubliseerde Uitspraak met Saaknommer 4587/2010 gelewer op 29 September 2010 in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hoë Hof)

**Register van internetbronne**

Clarkson 1998 http://webjcli.ncl.ac.uk

Clarkson CMV 1998 *Corporate culpability* http://webjcli.ncl.ac.uk/1998/issue2/clarkson2.html geraadpleeg op 21 Mei 2009

# APA APA

UITLEG VAN 'N REFERAAT IN APA-STYL 59

AANHALINGS EN VERWYSINGS 61

TEKSVERWYSINGS 62

VERWYSINGS NA SPESIFIEKE TIPE BRONNE 65

VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS 66

# INHOUD

## APA


1. UITLEG VAN 'N REFERAAT IN APA-STYL .......... 59

2. AANHALINGS EN VERWYSINGS

2.1 VOORKOM PLAGIAAT .......... 61
2.2 DOEL VAN AANHALINGS (IN TEKS) EN VERWYSINGS (BRONNELYS) .......... 61

3. TEKSVERWYSINGS

3.1 DIREKTE AANHALINGS .......... 62
3.1.1 Direkte aanhalings uit internetbronne sonder bladsynommers .......... 63
3.2 SEKONDÊRE BRONNE .......... 63
3.3 VERWYSINGS NA MEER AS EEN BRON .......... 63
3.4 MEER AS EEN VERWYSING NA DIESELFDE OUTEUR(S) IN DIESELFDE JAAR .......... 64
3.5 GEEN OUTEUR AANGEDUI .......... 64
3.6 BASIESE VERWYSINGS .......... 64

4. DIE BRONNELYS

4.1 ALGEMENE BEGINSELS .......... 65
4.2 ALFABETISERING IN DIE BRONNELYS .......... 65

5. VERWYSINGS NA SPESIFIEKE TIPE BRONNE

5.1 BOEKE .......... 66
5.2 HOOFSTUK IN 'N VERSAMELWERK .......... 67
5.3 ELEKTRONIESE BOEKE .......... 67
5.4 NASLAANWERKE .......... 67
5.5 TYDSKRIFARTIKELS .......... 68
5.5.1 Opsomming van tydskrifartikel ("abstract") .......... 69

5.5.2 Artikel ter perse, beskikbaar in 'n pre-publikasie argief ....... 69
5.6 KOERANTARTIKELS ....... 69
5.7 DOKTORALE PROEFSKRIFTE EN MEESTERSVERHANDELINGE ....... 70
5.8 KONFERENSIEPUBLIKASIES ....... 70
5.9 STAATSPUBLIKASIES ....... 71
5.9.1 Wette ....... 71
5.9.2 Hofverslae ....... 71
5.9.3 Kommissies van Ondersoek ....... 71
5.9.4 Departemente ....... 72
5.9.5 Staatskoerant ....... 72
5.10 INTERNETBRONNE ....... 72
5.11 OUDIOVISUELE MEDIA ....... 73
5.12 PERSOONLIKE KOMMUNIKASIE ....... 74

6. VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS ....... 75

# UITLEG VAN ‘N REFERAAT IN APA-STYL 1

## APA (AMERICAN PSYCHOLOGICAL ASSOCIATION) AANHALING- EN VERWYSINGSTYL

Die APA-metode is deur die American Psychological Association ontwikkel en werk min of meer op dieselfde beginsels as die Harvard-metode in die opsig dat die outeur en jaar van publikasie die kern van die verwysingsmetode vorm.

Raadpleeg die **Publication manual of the American Psychological Association (2010, 6th ed.)** vir verdere inligting aangaande die skryf van navorsingsverslae en die aanhaling van bronne.

- **Lynspasiëring**

Gebruik deurgaans dubbelspasiëring.

- **Kantlyne**

Laat 2.54 cm kantlyne aan alle kante van elke bladsy.

- **Belyning**

Reëls begin teen die linkerkantlyn. Moenie blokvorm (“justify”) gebruik nie.

- **Paragrawe**

Die eerste reël van elke paragraaf word ingekeep (“indent”). Gebruik die “tab”-sleutel, wat vooraf gestel is op vyf tot sewe spasies. Tik die res van die manuskrip teenaan die linkerkantlyn, behalwe vir die opsomming, aanhalings in blokformaat, titels en opskrifte.

- **Bladsynommers en Lopende Titel**

Sorteer die manuskrip se bladsye in die korrekte volgorde, en nommer hulle opeenvolgend vanaf die titelbladsy. Die lopende titel is links bo en die bladsynommer aan die boonste regterkant van die bladsy. Gebruik die outomatiese funksie van jou woordverwerkingsprogram om dit te genereer.

- **Opskrifte**

Gebruik verskeie vlakke van opskrifte om verskillende dele van jou manuskrip te onderskei. Die aanbevole styl van APA bestaan uit vyf moontlike formate, wat bepaal word deur die hoeveelheid ondergeskikte vlakke. Die opskrifstruktuur volg dieselfde afwaartse progressie, ongeag die hoeveelheid vlakke van subopskrifte binne ‘n afdeling.

- **Formaat vir Vyf Vlakke van Opskrifte**

| Vlak van Opskrif | Formaat |
|---|---|
| 1 | **Gesentreer, Vetdruk, Hoofletters en Kleinletters** |
| 2 | **Links Teen Kantlyn, Vetdruk, Hoofletters en Kleinletters** |
| 3 | **Ingekeep, vetdruk, paragraafopskrif in kleinletters met 'n punt aan die einde.** |
| 4 | ***Ingekeep, vetdruk, kursief, paragraafopskrif in kleinletters met 'n punt aan die einde.*** |
| 5 | *Ingekeep, kursief, paragraafopskrif in kleinletters met 'n punt aan die einde.* |

- **Voorbeeld van 'n Tabel**

Table 1

Proportion of Errors in Younger and Older Groups

| | **Younger** | | | **Older** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Level of difficulty | n | M (SD) | 95% CI | n | M (SD) | 95% CI |
| Low | 12 | .05 (.08) | [.02, .11] | 8 | .14 (.15) | [.08, .22] |
| Moderate | 15 | .05 (.07) | [.02, .10] | 12 | .17 (.15) | [.08, .28] |
| High | 16 | .11 (.10) | [.07, .17] | 14 | .26 (.21) | [.15, .30] |

*Note*. CI = confidence interval

# AANHALINGS EN VERWYSINGS 2

2.1 – 2.2

## 2.1 Voorkom plagiaat

Plagiaat is die weergee van iemand anders se werk of idees sonder om aan daardie persoon erkenning te gee, en dit dan as jou eie voor te stel. Dit kom neer op akademiese of intellektuele diefstal. Wanneer jy dus ‘n sin in jou referaat of akademiese geskrif skryf sonder ‘n verwysing, of woorde sonder aanhalingstekens, beteken dit dat dit jou eie werk of oorspronklike idee is. Indien dit egter nie jou eie werk of oorspronklike idee is nie, pleeg jy plagiaat, wat ‘n ernstige oortreding in akademiese kringe is.

Deur noukeurige in-teks verwysings, en volledige verwysings in die bronnelys, word plagiaat verhoed.

Akademiese verslagskrywing vereis dat alle bronne wat geraadpleeg is in die teks vermeld moet word, asook om volledige besonderhede daarvan in ‘n bronnelys te gee.

## 2.2 Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys)

- Dit verleen erkenning aan die oorspronklike skrywer van wie standpunte of feite oorgeneem is.
- Die skrywer lewer bewys waar hy sy inligting vandaan gekry het.
- Die verwysings na bronne staaf die volledigheid van die ondersoek.
- Verwysings na gesaghebbende bronne verleen gesag aan die skrywer se standpunte of idees.
- Verwysings verstrek bewyse aan die leser van die herkoms van die skrywer se sienings.
- ‘n Bronnelys verskaf inligting aan die leser om op sy beurt die bronne te raadpleeg as hy wil verifieer of die bronne korrek aangehaal / geïnterpreteer is.
- Die bronnelys dien as addisionele bronnelys oor die onderwerp indien die leser meer bronne oor die onderwerp wil raadpleeg.

# TEKSVERWYSINGS 3

3.1 – 3.6

‘n Teksverwysing bestaan uit outeur en datum van die oorspronklike bron.  ‘n Ooreenstemmende verwysing moet dan volledig in die bronnelys aan die einde van die teks verskyn.

> Creswell (2009) explains that this strategy of mixed methods …

> Consistency is regarded as one of the methods to undertake qualitative research (Neuman & Kreuger, 2003).

Bladsynommers is nie nodig in teksverwysings nie, **behalwe** wanneer **direkte aanhalings** gebruik word.

## 3.1 Direkte aanhalings

In die middel van ‘n sin (let op punktuasie):

> Interpreting these results, Robbins et al. (2003) suggested that the “therapists in dropout cases may have inadvertently validated parental negativity about the adolescent without adequately responding to the adolescent’s needs or concerns” (p. 541), contributing to an overall climate of negativity.

Aan die einde van die sin (let op punktuasie):

> Confusing this issue is the overlapping nature of roles in palliative care, whereby “medical needs are met by those in the medical disciplines; nonmedical needs may be addressed by anyone on the team” (Csikai & Chaitin, 2006, p. 112).

Vir ‘n direkte aanhaling van meer as 40 woorde, word die aanhaling ingekeep en gesentreer, en word die aanhalingstekens weggelaat.

> Miele (1993) found the following:
>
> > The placebo effect, which had been verified in previous studies, disappeared when behavior were studied in this manner.  Furthermore, the behaviors were never exhibited again, even when real drugs were administered.  Earlier studies were clearly premature in attributing the results to a placebo effect (p. 255).

### 3.1.1 Direkte aanhalings uit internetbronne sonder bladsynommers

Aanlyndokumente het gewoonlik nie bladsynommers nie. Indien die dokument paragraafnommers het, gee dit weer met die afkorting para.

(para. 4).

Indien die aanlyndokument opskrifte het, maar geen paragraaf- of bladsynommers nie, gee die opskrif en die nommer van die volgende paragraaf weer om die leser na die aanhaling te lei.

(Discussion section, para. 1).

## 3.2 Sekondêre bronne

‘n Sekondêre bron is byvoorbeeld wanneer ‘n outeur oor Freud se siening van psigoanalise wil skryf, en hy nie Freud se eie werke lees nie, maar die werk van ‘n ander outeur soos Williams gebruik. Daar word dan sekondêr na Freud verwys. Dit is moontlik dat Williams Freud se siening heeltemal verkeerd geïnterpreteer het, en dan gaan jy as student heeltemal onwetenskaplik en oneties te werk. Probeer dus om sekondêre aanhalings tot die minimum te beperk, aangesien dit “tweedehandse” inligting is.

Indien dit noodsaaklik is om sekondêre inligting te gebruik weens die onbeskikbaarheid van die oorspronklike bron, gebruik soos volg in die teks:

*Teks:*

According to Freud (as cited in Williams, 1996), dreams are …

*Bronnelys:*

Williams, L. (1996). Freud’s theories about dreams. London: Batsford.

Maak ‘n inskrywing vir **Williams** in die bronnelys.

## 3.3 Verwysings na meer as een bron

Wanneer na meer as een bron verwys word om ‘n stelling te maak, rangskik die verwysings alfabeties volgens eerste outeur, in dieselfde volgorde soos wat dit in die bronnelys sal verskyn. Skei die verwysings met ‘n kommapunt.

Several studies (Crade, 1995; Leeds & Smith, 1996; Vance, 1994) concluded …

Rangskik twee of meer werke deur dieselfde outeur volgens publikasiedatum. Gee die outeur se van, gevolg deur die datums. Bronverwysings van publikasies wat nog in proses is, word laaste in die hakies geplaas.

Past research (Gogel, 1990, 2006, in press) showed that …

## 3.4 Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar

Wanneer jy gebruik maak van meer as een publikasie deur dieselfde outeur(s) wat in dieselfde jaar uitgegee is, onderskei hulle deur ‘n a, b of c na die datum in die teks te sit, asook in die bronnelys.

A total of 24 adolescents were selected by means of accidental sampling (Strydom, 2005a).

This is to give all participants equal access to an empowering opportunity, as Strydom (2005b) indicates.

## 3.5 Geen outeur aangedui

Indien daar geen outeur is nie, skuif die titel na die outeursposisie. Alfabetiseer die inskrywing volgens die eerste betekenisvolle woord in die titel.

Slegs indien die werk onderteken is as “Anoniem,” begin die inskrywing met die woord *Anoniem*. Alfabetiseer die inskrywing asof Anoniem ‘n werklike naam is.

(Anonymous, 1998)

In die bronnelys, gebruik die term Anoniem / Anonymous in die outeursposisie.

## 3.6 Basiese verwysings

| **Tipe verwysing** | **Eerste keer in teks verwys** | **Daaropvolgende teksverwysings** | **Parentese (invoeging tussen hakies), eerste keer in teks verwys** | **Parentese (invoeging tussen hakies), daaropvolgende teksverwysings** |
|---|---|---|---|---|
| Een outeur | Walker (2007) | Walker (2007) | (Walker, 2007) | (Walker, 2007) |
| Twee outeurs | Walker and Allen (2004) | Walker and Allen (2004) | (Walker & Allen, 2004) | (Walker & Allen, 2004) |
| Drie tot vyf outeurs | Walker, Allen, Bradley, Ramirez, and Soo (2008) | Walker et al. (2008) | (Walker, Allen, Bradley, Ramirez, & Soo, 2008) | (Walker et al., 2008) |
| Ses of meer outeurs | Wasserstein et al. (2005) | Wasserstein et al. (2005) | (Wasserstein et al., 2005) | (Wasserstein et al., 2005) |
| Instansies (welbekend deur afkorting) as outeurs | National Institute of Mental Health (NIMH, 2003) | NIMH (2003) | (National Institute of Mental Health [NIMH], 2003) | (NIMH, 2003) |
| Instansies (geen afkorting) as outeurs | University of Pittsburgh (2005) | University of Pittsburgh (2005) | (University of Pittsburgh, 2005) | (University of Pittsburgh, 2005) |

# DIE BRONNELYS 4

4.1 – 4.2

## 4.1 Algemene beginsels

- Begin die bronnelys op ‘n nuwe bladsy. Tik die woord **Bronnelys of References** gesentreerd bo-aan die bladsy.
- Die bronnelys moet in **dubbelspasiëring** tussen en binne die inskrywings wees; elke inskrywing het ‘n **hangende inkeping** (“hanging indent”).
- Alle bronne waarna in die teks verwys word, moet ‘n inskrywing in die bronnelys hê, en elke inskrywing in die bronnelys moet ‘n verwysing in die teks hê. Verwysings na klassieke werke soos die Bybel en Koran, en verwysings na persoonlike kommunikasie word slegs in die teks verwys, en kry nie inskrywings in die bronnelys nie.
- Inskrywings word alfabeties gerangskik volgens eerste outeurs se vanne, of eerste betekenisvolle woorde van die titel indien geen outeur aangedui is nie. Lidwoorde aan die begin van ‘n sin word geïgnoreer met alfabetisering, maar nie weggelaat nie.

## 4.2 Alfabetisering in die bronnelys

- Rangskik die inskrywings alfabeties volgens eerste outeur.
- Alfabetiseer letter vir letter, onthou die beginsel “niks kom voor iets”. ‘n Van soos Le Roux kom voor Leaky.
- Alfabetiseer die voorvoegsels M’, Mc, en Mac volgens letter en nie asof hulle almal as Mac gespel word nie. Ignoreer die afkappingsteken: MacArthur kom voor McAllister, en MacNeil kom voor M’Carthy.
- Rangskik werke deur verskillende outeurs met dieselfde van alfabeties volgens eerste voorletter.
- Inskrywings deur dieselfde outeur(s) word gerangskik volgens publikasiedatum, die oudste eerste.
- Enkel-outeur inskrywings kom voor inskrywings deur dieselfde outeur waar mede-outeurs betrokke is.
- Verwysings met dieselfde eerste outeur en verskillende tweede of derde outeurs word alfabeties rangskik volgens die tweede outeur se van, of indien die tweede outeur se van dieselfde is, volgens die derde outeur se van (vergelyk die inskrywings van Deci in die voorbeeld bronnelys in hierdie gids).

# VERWYSINGS NA SPESIFIEKE TIPE BRONNE 5

5.1 – 5.12

## 5.1 Boeke

Skryf die eerste woord in die titel, die eerste woord in die subtitel en alle eiename met hoofletters. Die titel word in *kursief* getik.

Verskaf die plek (stad en staat / provinsie) waar die uitgewer geleë is. Indien die uitgewer ‘n universiteit is en die naam van die staat of provinsie ingesluit is in die universiteit se naam, word die plek nie weer genoem nie.

Keeler, R. (2008). *Natural playscapes: Creating outdoor play environments for the soul.* Redmond, WA: Exchange Press.

### Organisasie / instansie as outeur

Indien die outeur en uitgewer dieselfde is, moenie die outeur weer in die uitgewersposisie noem nie. Gebruik “Author” / “Outeur” as uitgewer.

American Psychiatric Association. (2000). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (4th ed.). Washington, DC: Author.

### Twee tot sewe outeurs

Gebruik die van en voorletters van al die outeurs tot en met die sewende outeur.

Adovasio, J. M., Soffer, O., & Page, J. (2007). *The invisible sex: Uncovering the roles of women in prehistory*. New York, NY: Smithsonian Books.

Vir ‘n voorbeeld van sewe en meer outeurs, vergelyk **5.5 (Tydskrifartikel met DOI, meer as sewe outeurs).**

### Geen outeur aangedui

Indien daar geen outeur is nie, skuif die titel na die outeursposisie. Alfabetiseer die inskrywing volgens die eerste betekenisvolle woord in die titel.

Slegs indien die werk onderteken is as “Anoniem,” begin die inskrywing met die woord *Anoniem*. Alfabetiseer die inskrywing asof Anoniem ‘n werklike naam is.

*Merriam-Webster's collegiate dictionary* (10th ed.). (1993). Springfield, MA: Oneworld.

**Redakteur(s)**

Hunt, R. R., & Ellis, H. C. (Eds.). (1999). *Fundamentals of cognitive psychology.* Toronto, ON: McGraw-Hill College.

**Tweede of opeenvolgende uitgawe**

Kirszner, L., & Mandell, S. (2000). *The pocket Holt handbook* (5th ed.). Fort Worth, TX: Harcourt Brace College Publishers.

## 5.2 Hoofstuk in 'n versamelwerk

'n Versamelwerk is 'n boek waarvan die hoofstukke elk deur 'n ander outeur(s) geskryf is, en saamgestel is deur 'n redakteur(s).

Wanneer 'n hoofstuk in 'n versamelwerk aangehaal word, moet die outeur van die hoofstuk as die outeur van die aangehaalde bron gegee word, en die besonderhede van die versamelwerk daarna.

**Let wel:** die titel van die versamelwerk is in *kursief*.

Gurman, A. S. (1981). Family therapy. In M. N. Blum (Ed.), *Handbook of family therapy* (pp. 742-775). New York, NY: Springer.

## 5.3 Elektroniese boeke

**Elektroniese weergawe van 'n gedrukte boek**

Schiraldi, G. R. (2001). *The post-traumatic stress disorder sourcebook: A guide to healing, recovery, and growth* [Adobe Digital Editions version]. doi:10.1036/0071393722

**Boek – slegs elektronies**

Gettman, D. (n.d.). *The twinkle theory.* Retrieved from http://www.onlineoriginals.com/showitem.asp?itemID=244

## 5.4 Naslaanwerke

**Artikel uit 'n ensiklopedie (met outeur)**

Bergmann, P. G. (1993). Relativity. In *The new encyclopaedia Britannica* (Vol. 26, pp. 501-508). Chicago, IL: Encyclopaedia Britannica.

### Artikel uit ‘n ensiklopedie (geen outeur)

Chinook. (2004). In K. Barber (Ed.), *Canadian Oxford dictionary* (p. 250). Don Mills, ON: Oxford University Press.

### Elektroniese naslaanwerk

Indien die elektroniese weergawe na ‘n gedrukte uitgawe verwys, word die nommer van die uitgawe na die titel geplaas.

Reiki. (n.d.). In *Merriam-Webster’s online dictionary* (11th ed.). Retrieved from http://www.m-w.com/dictionary/reiki

## 5.5 Tydskrifartikels

### Die tydskriftitel en volume word in kursief getik.

Indien elke nommer van ‘n tydskrifuitgawe op bladsy 1 begin, gee die nommer in hakies na die volume.

Light, M. A., & Light, I. H. (2008). The geographic expansion of Mexican immigration in the United States and its implications for local law enforcement. *Law Enforcement Executive Forum Journal*, *8*(1), 73-82.

Uitgewers het begin om ‘n DOI (Digital Object Identifier) toe te ken aan tydskrifartikels en ander tipes dokumente. ‘n DOI is ‘n unieke alfa-numeriese kode wat aan elektroniese bronne toegeken word. Dit verskyn gewoonlik bo-aan die artikel of in die databasisrekord van die artikel. APA stel voor dat, indien beskikbaar, die DOI ingesluit moet word vir beide gedrukte en elektroniese bronne. Plaas dit aan die einde van die verwysing.

### Tydskrifartikel met DOI

Die titel van die tydskrif en die volumenommer word in kursief getik.

Fomby, P., & Cherlin, A. J. (2007). Family instability and child well-being. *American Sociological Review*, *72*, 181-204. doi: 10.1177/000312240707200203

### Tydskrifartikel met DOI, meer as sewe outeurs

Gee die eerste ses outeurs se name, voeg ellips in (drie stippels) en gee dan die laaste outeur se naam. Vir verwysings met tot sewe outeurs, word die name van al die outeurs in die bronnelys gegee.

Ironson, G., Balbin. E., Stuelzle, R., Fletcher, M. A., O’Cleirigh, C., Laurenceau, J. P., … Solomon, G. (2005). Dispositional optimism and the mechanisms by which it predicts slower disease progression in HIV: Proactive behavior, avoidant coping, and depression. *International Journal of Behavioral Medicine*, *12*, 86-97. doi: 10.1207/s15327558ijbm1202_6

**Tydskrifartikel sonder DOI**

Carr, D. & Boerner, K. (2009). Do spousal discrepancies in marital quality assessments affect psychological adjustment to widowhood? *Journal of Marriage and the Family*, *71*, 495-509.

Indien daar geen DOI aan 'n elektroniese artikel toegeken is nie, gee die internetadres (URL) van die tydskrif se tuisblad. Datum van toegang is nie nodig nie.

Sillick, T. J., & Schutte, N. S. (2006). Emotional intelligence and self-esteem mediate between perceived early parental love and adult happiness. *E-Journal of Applied Psychology*, *2*(2), 38-48. Retrieved from http://ojs.lib.swin.edu.au/index.php/ejap

### 5.5.1 Opsomming van tydskrifartikel ("abstract")

Dit gebeur soms dat 'n tydskrifartikel in 'n vreemde taal is, en 'n Engelse opsomming bevat, of die volle artikel kon nie bekom word nie, en slegs die opsomming is beskikbaar. Dit is aanvaarbaar om hierdie inligting te gebruik, maar dan moet die indruk nie geskep word dat die oorspronklike bron geraadpleeg is nie.

Woolf, N. J., Young, S. L., Fanselow, M. S., & Butcher, L. L. (1991). MAP-2 expression in cholinoceptive pyramidal cells of rodent cortex and hippocampus is altered by Pavlovian conditioning [Abstract]. *Society for Neuroscience Abstracts*, *17*, 480.

Lassen, S. R., Steele, M. M., & Sailor, W. (2006). The relationship of school-wide positive behavior support to academic achievement in an urban middle school. *Psychology in the Schools, 43*, 701-712. Abstract retrieved from http://www.interscience.wiley.com

### 5.5.2 Artikel ter perse, beskikbaar in 'n pre-publikasie argief

Die presiese URL (internetadres) word gebruik omdat die artikel aanvaar is vir publikasie, maar nog nie gepubliseer is nie.

Kontroleer die artikel se publikasie-gegewens voordat jy jou finale dokument inhandig, en pas die verwysing dienooreenkomstig aan.

Briscoe, R. (in press). Egocentric spatial representation in action and perception. *Philosophy and Phenomenological Research*. Retrieved from http://cogprints.org/5780/1/ECSRAP.F07.pdf

## 5.6 Koerantartikels

Verskaf die jaar en presiese datum van publikasie (maand en dag), geskei deur 'n komma en in hakies geplaas.

Verskaf al die bladsynommers en skei dit deur ‘n komma wanneer ‘n artikel op nie-opeenvolgende bladsye verskyn.

### Koerantartikel (met outeur)

Wolhuter, T. (2011, March 2). How to read food labels. *The Star*, p. 26.

### Koerantartikel (geen outeur)

New drugs from old plants. (2010, November 11). *Mail and Guardian*, p. 7.

### Elektroniese koerantartikel

Verskaf die URL van die tuisblad van die koerant.

Brody, J. E. (2007, December 11). Mental reserves keep brain agile. *The New York Times.* Retrieved from http://www.nytimes.com

## 5.7 Doktorale proefskrifte en meestersverhandelinge

Die gebruik van die term proefskrif / verhandeling verskil van land tot land.  Gebruik die term soos dit op die titelblad voorkom.

### Ongepubliseerde proefskrif of verhandeling

Sekatane, M. B. (2006). *An analysis and application of different methodologies for measuring poverty in Sharpeville* (Unpublished doctoral dissertation). North-West University, Vanderbijlpark.

### Meestersverhandeling verkry deur kommersiële databasis

McNiel, D. S. (2006). *Meaning through narrative: A personal narrative discussing growing up with an alcoholic mother* (Master’s thesis). Available from ProQuest Dissertations and Theses database. (UMI No. 1434728).

### Doktorale proefskrif verkry deur ‘n institusionele databasis

Ferreira, J. L. (2010). *Practical wisdom as executive virtue for positive psychology: A pastoral-theological evaluation* (Doctoral thesis). Retrieved from http://dspace.nwu.ac.za/

## 5.8 Konferensiepublikasies

Verwys na konferensiepublikasies in ‘n versamelwerk op dieselfde manier as ‘n hoofstuk in ‘n versamelwerk.

Putman, H. W. (1979). The place of facts in a world of values. In D. Huff, & O. Prewett (Eds.), *The nature of the physical universe: 1976 Nobel Conference organized by Gustavus College, St. Peter, Minnesota* (pp. 113-140). New York, NY: Wiley.

**Konferensievoordrag, nie formeel gepubliseer nie**

Verskaf die jaar en maand, geskei deur ‘n komma en in hakies geplaas.

Brinson, K. H., Jr., & Miller, J. (1995, October). *Invitational theory and total quality management: Implications for professional practice and educational reform*. Paper presented at the Annual Meeting of the Northeastern Educational Research Association, Ellenville, NY.

## 5.9 Staatspublikasies

Gebruik die naam van die land as inskrywingselement vir staatspublikasies.

### 5.9.1 Wette

Wanneer daar ‘n teksverwysing is na ‘n Suid-Afrikaanse wet, word ‘n kruisverwysing in die bronnelys gemaak vanaf die wet na Suid-Afrika.

Trade Marks Act **see** South Africa. (1993).

South Africa. (1993). *Trade Marks Act* 194 of 1993. Pretoria: Government Printer.

**Wette, elektronies**

South Africa. (1993). *Human Rights Commission* Act 54 of 1994. Retrieved from http://www.star.hsrc.ac.za/nche.html

### 5.9.2 Hofverslae

*Greyvenstein v. Clayton.* (1998). 1 All SA 156 (E)

### 5.9.3 Kommissies van Ondersoek

Wanneer daar ‘n teksverwysing is na ‘n Kommissie van Ondersoek, word ‘n kruisverwysing in die bronnelys gemaak van die kommissie se naam na Suid-Afrika.

Commission of Inquiry into Health Services **see** South Africa. Commission of Inquiry into Health Services.

South Africa. Commission of Inquiry into Health Services. (1984). *First interim report*. Pretoria: Government Printer. (RP59/1986).

### 5.9.4 Departemente

**Departemente, gedrukte formaat**

Wanneer die uitgewersagentskap of uitgewer dieselfde is as die outeur, word "Outeur" gebruik vir die uitgewer se naam.

South Africa. Department of Health. (2003). *Guidelines for the prevention of malaria in South Africa.* Pretoria: Author.

**Departemente, elektroniese formaat**

South Africa. Department of Social Development. (2009). *Strategic plan 2010-2015*. (RP225/2009). Retrieved from http://www.dsd.gov.za/index.php?option=com_docman&task=cat_view&gid=26&Itemid=39

### 5.9.5 Staatskoerant

South Africa. Independent Communications Authority of South Africa. (2009, July 31). Notice on the Authority's intention to hold public hearings on the review of the national radio frequency plan. (Notice 1027 of 2009). *Government Gazette, 32468*, pp. 3-5.

## 5.10 Internetbronne

'n Verwysing na 'n internetbron moet ten minste 'n dokumenttitel of beskrywing, die datum van publikasie of opdatering (wanneer beskikbaar) en die URL (internetadres) na die openingsblad van die dokument, bevat. Indien moontlik, moet die outeur(s) van die dokument aangedui word.

Moenie 'n punt na die URL plaas nie.

Reddick, A., & Boucher, C. (2002). *Tracking the dual digital divide.* Retrieved from http://www.hrsdc.gc.ca/en/hip/lld/olt/Skills_Development/OLTResarch/tracking_dual_digital_divide.shtml

**Internetbron (geen datum)**

Canadian Council on Social Development. (n.d.). *A profile of health in Canada: The health of Canadians*. Retrieved from http://www.ccsd.ca/factsheets/health/index.htm

**Webblad (dokument)**

City of New Westminster. Department of Planning. (2000). *Official community plan update, May 2000*. Retrieved from http://www.newwestcity.ca/cityhall//dev_services/publications/04OCP/pdf/ocp%20update%20may%202000.pdf

**Webblad (blog-inskrywings)**

PZ Myers. (2007, January 22). The unfortunate prerequisites and consequences of partitioning your mind [Web log post]. Retrieved from http://scienceblogs.com/pharyngula/2007/01/the_unfortunate_prerequisites.php

## 5.11 Oudiovisuele media

**Films**

Gebruik die naam / name van die film se vervaardiger(s) en / of regisseur(s), en die jaar waarin dit vrygestel is.

Bender, C., Cronenberg, C., Spink, J. C. (Producers), & Cronenberg, D. (Director). (2005). *A history of violence* [Motion picture]. United States: New Line Productions.

**Video**

American Psychological Association. (Producer). (2000). *Responding therapeutically to patient expressions of sexual attraction* [DVD]. Available from http://www.apa.org/videos/

**Films (YouTube)**

Baker, N. (2007, February 7). *March of the librarians* [Video file]. Retrieved from http://www.youtube.com/watch?v=Td92210NoDQ

**Musiek**

Mitchell, J. (1974). Jericho. On *Miles of Aisles* [CD]. New York, NY: Asylum.

**Musiek (opname deur kunstenaar wat nie die komponis is nie)**

Mitchell, J. (1974). Jericho [Recorded by K.D. Lang]. On *Hymns from the 49th Parallel* [CD]. Toronto, ON: Nonesuch. (2004)

**Oudio webaflaaie**

Van Nuys, D. (Producer). (2007, December 19). *Shrink rap radio.* [Audio podcast]. Retrieved from http://shrinkrapradio.com/

**PowerPoint-aanbieding**

Roberts, J. (2007, March 17). *Cultural traditions of Ukrainian Canadians.* PowerPoint presentation at a HIST 2209 lecture at Douglas College, New Westminster, BC.

**PowerPoint-aanbieding (elektronies)**

Hertzman, C. (2008). *Aboriginal ECD in BC* [PowerPoint Slides]. Retrieved from http://www.earlylearning.ubc.ca/presentations_general.htm#clyde

**Kaart (elektronies)**

Lewis County Geographic Information Services (Cartographer). (2002). Population density, 2000 U.S. Census [Demographic map]. Retrieved from http://www.co.lewis.wa.us/publicworks/maps/Demographics/census-pop-dens_2000.pdf

## 5.12 Persoonlike kommunikasie

Persoonlike onderhoude, e-posboodskappe, briewe, memo's, telefoongesprekke ens. verskaf nie data wat herwin kan word nie, en word nie in die bronnelys opgeneem nie. Verwys na persoonlike kommunikasie slegs in die teks, en dui die datum so akkuraat as moontlik aan.

E. Rossouw (personal communication, July 30, 2009) stated that …

# VOORBEELD VAN 'N BRONNELYS 6

## Bronne


American Psychiatric Association. (2000). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (4th ed.). Washington, D.C.: Author.

American Psychological Association. (Producer). (2000). *Responding therapeutically to patient expressions of sexual attraction* [DVD]. Available from http://www.apa.org/videos/

Bergmann, P. G. (1993). Relativity. In *The new encyclopaedia Britannica* (Vol. 26, pp. 501-508). Chicago, IL: Encyclopaedia Britannica.

Brinson, K. H., Jr., & Miller, J. (1995, October). *Invitational theory and total quality management: Implications for professional practice and educational reform.* Paper presented at the Annual Meeting of the Northeastern Educational Research Association, Ellenville, NY.

Briscoe, R. (in press). Egocentric spatial representation in action and perception. *Philosophy and Phenomenological Research.* Retrieved from http://cogprints.org/5780/1/ECSRAP.F07.pdf

Brody, J. E. (2007, December 11). Mental reserves keep brain agile. *The New York Times.* Retrieved from http://www.nytimes.com

Carr, D. & Boerner, K. (2009). Do spousal discrepancies in marital quality assessments affect psychological adjustment to widowhood? *Journal of Marriage and the Family, 71,* 495-509.

Chinook. (2004). In K. Barber (Ed.), *Canadian Oxford dictionary* (p. 250). Don Mills, ON: Oxford University Press.

Deci, E. L. (1980). *The psychology of self-determination.* Lexington, MA: Lexington Books.

Deci, E. L., Eghrari, H., Patric, B. C., & Leone, D .R. (1994). Facilitating internalization: The self-

determination theory perspective. *Journal of Personality, 62*, 119-142.

Deci, E. L., & Ryan, R. M. (2000). The what and why of goal pursuits: Human needs and the self-determination of behavior. *Psychological Inquiry, 11*, 227-268.

Fomby, P., & Cherlin, A. J. (2007). Family instability and child well-being. *American Sociological Review, 72*, 181-204. doi: 10.1177/000312240707200203

Freud, S. (1953). The method of interpreting dreams: An analysis of a specimen dream. In J. Strachey (Ed. & Trans.), *The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud* (Vol. 4, pp. 96-121). Retrieved from http://books.google.com/books (Original work published 1900)

Gettman, D. (n.d.). *The twinkle theory.* Retrieved from http://www.onlineoriginals.com/showitem.asp?itemID=244

*Greyvenstein v. Clayton.* (1998). 1 All SA 156 (E)

Gurman, A. S. (1981). Family therapy. In M. N. Blum (Ed.), *Handbook of family therapy* (pp. 742-775). New York, NY: Springer.

*Handelsmerkwet* ***kyk*** South Africa. (1993).

Hertzman, C. (2008). *Aboriginal ECD in BC* [PowerPoint Slides]. Retrieved from http://www.earlylearning.ubc.ca/presentations_general.htm#clyde

Hunt, R. R., & Ellis, H. C. (Eds.). (1999). *Fundamentals of cognitive psychology.* Toronto, ON: McGraw-Hill College.

Ironson, G., Balbin, E., Stuelzle, R., Fletcher, M. A., O’Cleirigh, C., Laurenceau, J. P., … Solomon, G. (2005). Dispositional optimism and the mechanisms by which it predicts slower disease progression in HIV: Proactive behavior, avoidant coping, and depression. *International Journal of Behavioral Medicine, 12*, 86-97. doi: 10.1207/s15327558ijbm1202_6

Keeler, R. (2008). *Natural playscapes: Creating outdoor play environments for the soul.* Redmond, WA: Exchange Press.

Kirszner, L., & Mandell, S. (2000). *The pocket Holt handbook* (5th ed.). Fort Worth, TX: Harcourt Brace College Publishers.

*Merriam-Webster’s collegiate dictionary* (10th ed.). (1993). Springfield, MA: Oneworld.

Reddick, A., & Boucher, C. (2002). *Tracking the dual digital divide.* Retrieved from http://www.hrsdc.gc.ca/en/hip/lld/olt/Skills_Development/OLTResarch/tracking_dual_digital_divide.shtml

Reiki. (n.d.). In *Merriam-Webster's online dictionary (*11th ed.). Retrieved from http://www.m-w.com/dictionary/reiki

Sekatane, M. B. (2006). *An analysis and application of different methodologies for measuring poverty in Sharpeville* (Unpublished doctoral thesis). North-West University, Vanderbijlpark.

South Africa. (1993). *Trade Marks Act 194 of 1993.* Pretoria: Government Printer.

South Africa. Department of Social Development. (2009). *Strategic plan 2010-2015*. (RP225/2009). Retrieved from http://www.dsd.gov.za/index.php?option=com_docman&task=cat_view&gid=26&Itemid=39

South Africa. Independent Communications Authority of South Africa. (2009, July 31). Notice on the Authority's intention to hold public hearings on the review of the national radio frequency plan. (Notice 1027 of 2009). *Government Gazette*, *32468*, pp. 3-5.

Strydom, H. (2005a). Sampling and sampling methods. In A. S. de Vos (Ed.), *Research at grass roots: For the social sciences and human services professions* (3rd ed.) (pp. 192-204). Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. (2005b). Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In A. S. de Vos (Ed.), *Research at grass roots: For the social sciences and human services professions* (3rd ed.) (pp. 56-70). Pretoria: Van Schaik.

Wolhuter, T. (2011, March 2). How to read food labels. *The Star*, p. 26.

Woolf, N. J., Young, S. L., Fanselow, M. S., & Butcher, L. L. (1991). MAP-2 expression in cholinoceptive pyramidal cells of rodent cortex and hippocampus is altered by Pavlovian conditioning [Abstract]. *Society for Neuroscience Abstracts*, *17*, 480.

9 780620 522014
ISBN 978-0-620-52201-4